# WES-KAAPSE REGERING

## DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING

# JAARLIKSE OORSIG VAN GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLANNE 2016/17

‘n Gekonsolideerde evaluering van die 3e Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne vir Munisipaliteite in die Wes-Kaapse Provinsie

# ALGEMENE INLIGTING

## VOORWOORD DEUR DIE MINISTER

My Department het die afgelope vyf jaar ‘n evaluasie gedoen van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne van Munisipaliteite. ’n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is ’n enkele en inklusiewe strategiese plan vir die ontwikkeling van ’n Munisipaliteit wat planne en hulpbronne op ’n volhoubare wyse integreer.

Hierdie evaluerings dien as ‘n forum vir Munisipaliteite om ’n deeglike analise van hul bevoegdhede en vaardighede te doen wat noodsaaklik is vir die uitvoering van hul wettige mandaat asook die bevordering van elke Munisipaliteit se omgewing en sy demografiese, ruimtelike en finansiële omstandighede binne die begrotingsraamwerk.

Alhoewel my Departement die afgelope vier jaar jaarlikse oorsigte gepubliseer het, is hierdie verslag ‘n konsolidasie van die oorsigte vir die vyf-jaar termyn van die GOP. Sekere munisipaliteite het gedurende hierdie termyn probleme ervaar. Die GOP’s se fokus het algaande verskuif van een waar daar slegs aan vereistes voldoen is na een wat dui op beter interdepartementele beplanning met inagneming van die begroting. Munisipaliteite het tot op hede besondere vooruitgang aangetoon om te voldoen aan die vereistes van die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Nasionale Uitkomste en die Provinsiale Strategiese Plan.

Alhoewel die oorsigte aandui dat Munisipaliteite voortdurend verskillende forums benut om die gemeenskap te betrek, bly deelname deur gemeenskappe en Munisipaliteite steeds ’n uitdaging. Die belangrikheid van die proses in die ontwikkeling van ’n GOP kan nie oorbeklemtoon word nie aangesien dit ten doel het om toe te sien dat dit wat vir inwoners in die Provinsie in die vooruitsig gestel was, wel geïmplementeer word.

Die nuwe munisipale beplanningsiklus vir die GOP’s is voorafgegaan deur samesprekings gereël deur my Departement tussen Provinsiale Departmente en Munisipaliteite met die doel om Munisipaliteite met die nodige vaardighede te voorsien vir die ontwikkeling van hulle GOP’s. Uitdagings wat tydens die evaluering van vorige GOP’s aangedui is, het daartoe bygedra dat dié wat in die 3e generasie GOP’s geïdentifiseer is, die ontwikkeling van die 4e generasie GOP’s sal help.

Ek glo dat die 4e generasie GOP’s ‘n geleentheid bied vir geïntegreerde beplanning en begroting asook die implementering daarvan tussen Munisipaliteite en die Wes-Kaapse Regering en dat dit ’n invloed sal hê op die beplanning vir ’n volhoubare plaaslike regering.

**AW Bredell**

**MINISTER VAN WES-KAAPSE OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

# INHOUD

Lys van tabelle
Lys van getalle
Lys van afkortings

**Inleiding**
Die Wes-Kaapse Provinsie in kort
Inleiding
Die doel en struktuur van die verslag

**Afdeling A: Die Jaarlikse die GOP oorsigproses**
Die Jaarlikse GOP oorsigproses
1. WMS Artikel 32 Proses/Voorleggingsprosedures vir die GOP
2. Bekendstelling van 'n gewysigde metode vir evaluering
3. Fases in die gesamentlike evalueringsproses
    3.1 Voorbereidingsfase: skepping van 'n omgewing bevoegd vir waarneming en betrokkenheid
    3.2 Beoordelingsfase: afsonderlike oorsigte deur die DPR van konsep GOP's en begrotings en konsepbegrotings deur die PT
    3.3 Konsolidasiefase: konsolidasie van die GOP en begrotingsverslae (bepaling van die verband tussen die GOP en die begroting)
    3.4 Ondersoekfase: munisipale betrokkenheid
    3.5 Bespreking en terugvoeringfase: bespreking en munisipale terugvoering
    3.6 Goedkeuringsfase: goedkeuring van die begroting, die GOP en die voorbereiding van kabinetvoorleggings
4. Goedkeuring van finale GOP's
5. Proses na evaluering
    5.1 Besprekingsessies
    5.2 Voorlegging aan die Provinsiale GOP Bestuursforum

**Afdeling B: Nuutste tendense van die GOP oorsigte van Munisipaliteite**
1. Nakoming van Artikel 26 van die WMS en regulasies
2. Voldoende ooreenstemming tussen nasionale en provinsiale beleid en planne
3. Begrotings in ooreenstemming met prioriteite
4. Skakeling met die prestasiebestuurstelsels van munisipaliteite
5. Identifisering van belangrike uitdagings

**Afdeling C: die GOP oorsigbevindings en kernaanbevelings van die verskillende munisipailteite**
Overberg Distrik Munisipaliteit
Overstrand Munisipaliteit
Theewaterskloof Munisipaliteit
Kaap Agulhas Munisipaliteit
Swellendam Munisipaliteit
Weskus Distrik Munisipaliteit
Matzikama Munisipaliteit
Cederberg Munisipaliteit
Bergrivier Munisipaliteit
Saldanhabaai Munisipaliteit
Swartland Munisipaliteit

Eden Distrik Munisipaliteit
Kannaland Munisipaliteit
Hessequa Munisipaliteit
Mosselbaai Munisipaliteit
George Munisipaliteit
Bitou Munisipaliteit
Knysna Munisipaliteit
Oudtshoorn Munisipaliteit
Kaapse Wynlande Distrik Munisipaliteit
Witzenberg Munisipaliteit
Drakenstein Munisipaliteit
Langeberg Munisipaliteit
Breedevallei Munisipaliteit
Stellenbosch Munisipaliteit
Sentrale Karoo Distrik Munisipaliteit
Laingsburg Munisipaliteit
Prince Albert Munisipaliteit
Beaufort-Wes Munisipaliteit
Stad Kaapstad Munisipaliteit

**Die pad vorentoe**

**LYS VAN TABELLE**

Tabel 1: Wes-Kaapse 2016/17 GOP: datums vir goedkeuring en voorlegging

**LYS VAN SYFERS**

Figuur 1: 2016/17 Die PRMTUK 3 Proses
Figuur 2: Aantal Overberg Distrik evalueringsbevindings
Figuur 3: Aantal Overstrand Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 4: Aantal Theewaterskloof Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 5: Aantal Kaap Agulhas Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 6: Aantal Swellendam Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 7: Aantal Weskus Distrik Evalueringsbevindings
Figuur 8: Aantal Matzikama Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 9: Aantal Cederberg Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 10: Aantal Bergrivier Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 11: Aantal Saldanhabaai Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 12: Aantal Eden Distrikmunisipaliteit Eevalueringsbevindings
Figuur 13: Aantal Kannaland Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 14: Aantal Hessequa Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 15: Aantal Mosselbaai Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 16: Aantal George Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 17: Aantal Bitou Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 18: Aantal Knysna Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 19: Aantal Oudtshoorn Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 20: Aantal Kaapse Wynland Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 21: Aantal Witzenberg Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 22: Aantal Drakenstein Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 23: Aantal Langeberg Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 24: Aantal Breedevallei Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 25: Aantal Stellenbosch Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 26: Aantal Sentrale Karoo Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 27: Aantal Laingsburg Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 28: Aantal Prince Albert Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 29: Aantal Beaufort-Wes Munisipaliteit Evalueringsbevindings
Figuur 30: Aantal Stad Kaapstad Evalueringsbevindings

## Lys van afkortings

**B**
BOOP = BEBOUDE OMGEWING ONDERSTEUNINGSPROGRAM
**D**
D:AB = DIREKTORAAT AFVALBESTUUR
DBIP = DIENSLEWERING BEGROTNG IMPLEMENTERINGSPLANNE
DEKV = DEELNEMENDE EVALUERING VAN KOMPETERENDE VOORDEELPROSES
DEOT = DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME
DLOGH = DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING
DMV = DEPARTEMENT VAN MENSLIKE NEDERSETTINGS
DOSOP = DEPARTEMENT OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING
DPR = DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING
DPR:RBE = DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING: RAMPBESTUUREENHEID
DVOW = DEPARTMENT VERVOER EN OPENBARE WERKE
DWS = DOELWITBESTUURSTELSEL
G
GABP = GEÏNTEGREERDE AFVAL BESTUURSPLAN
GBW = GRONDGEBRUIK BEPLANNINGSWET
GVP = GEÏNTEGREERDE VERVOERPLAN
GKBW =GEÏNTEGREERDE KUSBESTUURSWET
GOP = GEÏNTERGREERDE ONTWIKKELINGSPLANNE
**H**
HEP = HERNUBARE ENERGIEPLAN
**I**
IIWP = INDABA WERKSGROEP
IOS = INDUSTRIËLE ONTWIKKELINGSFASE
**K**
KPB = KUSBESTUURSPLAN
**L**
LGBP = LUGGEHALTE BESTUURSPLAN
**M**
MNP = MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN
MROR = MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK
**N**
NOB:LGW = NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR: LUGGEHALTE WET
NOB:WW = NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR: WATERWET
**P**
PMBPBR = PLAASLIKE MUNISIPALE BEPLANNING EN PRESTASIEBESTUURREGULASIE
PRMTBK = PLAASLIKE REGERING MEDIUMTERMYN BEGROTINGSKOMITEE
PRMTUK = PLAASLIKE REGERING MEDIUMTERMYN UITGAWEKOMITEE
PROR = PROVINSIALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK
PT = PROVINSIALE TESOURIE
**R**
RBGW – RUIMTELIKE BEPLANNING GRONDGEBRUIKWET
RBP = RAMPBESTUURSPLAN
ROR = RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK
ROP = RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSPLAN

**<u>S</u>**

SD = STRATEGIESE DOELWITTE
SKDM = SENTRALE KAROO DISTRIK MUNISIPALITEIT
SPA = SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS

**<u>W</u>**

WBMF = WET OP DIE BESTUUR VAN MUNISIPALE FINANSIES
WDOP = WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN
WMS = WET OP MUNISIPALE STELSELS

# INLEIDING

**DIE WES-KAAPSE PROVINSIE IN KORT**

Die Wes-Kaap is die land se vierde grootste provinsie met 'n oppervlakte van 129,462 vierkante kilometer. Die provinsie is slegs effens kleiner as die Vrystaat en beslaan 10,6% van die grondgebied in Suid-Afrika met 'n bevolking van 6,2 miljoen mense.[1]

Deur die eeue heen het handel en immigrasie gelei tot 'n bevolking met genetiese en taalverwante verbintenisse met verskillende dele van Europa, Suid-Oos Asië, Indië en Afrika. Afrikaans is die mees-gebruikte taal in die Wes-Kaap met isiXhosa en Engels die ander hooftale.

Die klimaat en die topografie van die Wes-Kaap is gevarieerd. Die suidelike kuslyn wat omring is van berge, het 'n gematigde klimaat en hier is die tipiese plantegroei, veral in die westelike gebiede, die wêreldbekende fynbos. Na die noorde strek dit tot diep in die hooglande van die Karoo terwyl die Weskus baie droog is.

Die Mediterreense klimaat van die Kaapse Peninsula en sy bergagtige gebiede is ideaal vir die aanplanting van druiwe en 'n aantal wynplase produseer uitstekende wyne. Ander vrugte en groente word ook hier geplant en graan is 'n belangrike saaiboerdery in die noordelike en oostelike dele van die Wes-Kaap.

Die suidelike kusgebied is ook vrugbaar. Die hele streek bied 'n groot hoeveelheid wêreldklas toeriste-aantreklikhede, ontspanningsgeleenthede en ander aktiwiteite soos rotsklim, staptogte, vlieërvlieg, branderry, vryval, skermsweef, fietsry, kanovaart, voëlwaarneming, diepseeduik; musiekfeeste, kuns en kultuur, erfenis en die ongelooflik mooi Weskusblomme. Skaapboerdery is die hoofaar van die Karoo en in dié dele van die Provinsie waar water meer volop is, word daar met ander vee geboer.

Noord van Kaapstad lê Saldanha, 'n natuurlike Suid-Afrikaanse hawe wat bekend is vir ysteruitvoere en 'n suksesvolle visindustrie. Ander dorpe sluit in Worcester en Stellenbosch wat in die hartjie van die wynlande geleë is; George is 'n sentrum vir inheemse hout- en groenteproduksie; Oudtshoorn, wat bekend is vir sy volstruisprodukte en die wêreldberoemde Kangogrotte; en Beaufort-Wes geleë in die droë skaapboerdery-vlaktes van die Groot Karoo.

Die Wes-Kaap se ongeëwenaarde natuurlike skoonheid, bekende gasvryheid, kulturele diversiteit, uitstekende wyn en ryk kookkuns, 'n polsende naglewe en eindelose inkopiegeleenthede maak dit een van die wêreld se mees gesogte toeristebestemmings.

Die Wes-Kaap is die kleinste van die wêreld se ses blomkoninkryke, die Kaapse Blomkoninkryk, en word geken aan sy fynbos en die proteafamilie. Hier is meer plantspesies as in die hele Europa en die Blomkoninkryk is een van twee van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasies (Unesco) se wêrelderfenisgebiede – plekke van 'uitstaande waarde aan die mensdom'. Die ander een is Robbeneiland wat in Tafelbaai naby Kaapstad geleë is en wat vir eeue gebruik was as 'n tronk vir andersdenkendes en uitgeworpenes. Tans is dit 'n uiters populêre aantrekkingskrag vir besoekers aan die streek. Dit is op dié eiland dat die Suid-Afrikaanse staatsman Nelson Mandela die oorgrote deel van sy 27 jaar in die tronk gespandeer het.

Oos van die Wes-Kaap in die Knysna- en Tsitsikammastreek is die land se grootse inheemse woude met reusagtige eeuoue bome, varings en volop voëllewe. Gesogte meubels uit die inheemse geelhout-, stinkhout- en wit peerbome in die gebied word hier vervaardig.

Bron: Provincial Economic Review and Outlook

**INLEIDING**

Na die aanbreek van demokrasie in Suid-Afrika, het 'n nuwe bestel vir munisipale beplanning, gebaseer op 'n ontwikkelende plaaslike regering, die lig gesien: die implementering van die prosesse vir Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP) vir Munisipaliteite. Beplanning het sedert hul oorspronklike konseptualisasie in die laat negentigs (1996) verder uitgebrei. In die Wes-Kaapse Provinsie verwys die term "3e generasie GOP" na die 2012/17 periode waartydens die ontwikkeling plaasgevind het. Munisipaliteite en die Provinsie het hard gewerk om dit moontlik te maak. As gevolg hiervan, en gesteun deur die konsep van die 3e generasie Ontwikkelingsplanne, is hierdie GOP oorsig daarop gerig om konsolidasie aan te dui oor hoe die Wes-Kaap die GOP's in die 2012-17 siklus geëvalueer en beoordeel het.

Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000 (die WMS) en Artikel 2 en 3 van die Plaaslike Munisipale Beplanning en Prestasiebestuur 2001 (PMBPBR) dra aan Munisipaliteite die taak op om saam met ander staatsorganisasies ontwikkelingsgeoriënteerde planne op te stel om by te dra tot die progressiewe verwerkliking van basiese regte soos uiteengesit in Artikels 24-27 en 29 van die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 (Die Konstitusie). Bogenoemde is onderhewig aan die beginsels van onvoorwaardelike koöperatiewe staatsbestuur soos uiteengesit in die Konstitusie, 1996, Hoofstuk 3, Artikels 40 en 42 respektiewelik.

Die 2012-17 GOP oorsigproses het daarna gestreef dat ontwikkelende plaaslike regerings verantwoordelikheid sal aanvaar vir hul eie gemeenskaplike beplanning, prioritisering van agendas, die toekenning van hulpbronne asook die implementering daarvan. Plaaslike owerhede dra die uiteindelike gevolge van regeringsaksies al dan nie (soos voorgeskryf deur die konstitusionele mandaat) en dit is op hierdie terrein waar die fundamentele regte deur gefokusde en geteikende regeringsaksies werklikheid kan word.

Die jaarlikse oorsig van die munisipale GOP's en begrotings deur provinsiale regerings is noodsaaklik. Die belangrikheid van hierdie oorsig word bepaal in Artikel 32 van die WMS, die PMBPBR en die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiebestuur, Wet 56 van 2003 (WBMF). Provinsiale evaluerings bied aan afdelings in die Provinsiale Regering 'n geleentheid om 'n moniterings- en ondersteuningsrol ten opsigte van munisipaliteite te vervul soos vereis deur die Konstitusie. Die oorsigte is ook 'n aanduiding van Munisipaliteite se vaardigheid en paraatheid om aan hul wetgewende en konstitusionele mandate te voldoen.

**DIE DOEL EN STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG**

Soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Jaarlikse GOP oorsigte van die vorige vyf finansiële jare, dien die 2016/17 GOP verslag as 'n basis om op hoogte te bly met die vooruitgang van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne in die Provinsie asook die identifisering van alle ander ondersteuning en aksies nodig vir die verbetering van die implementering van die GOP.

Die verslag dien ook as 'n oorsig van die gemeenskaplike GOP en Begroting Oorsigproses (PRMTUG 3) gevolg gedurende die evaluering van die begrotings vir die 2016/17 finansiële jaar en die GOP's en gee 'n opsomming van die belangrikste tendense in die ontwikkeling van die 3e generasie GOP's van Munisipaliteite in die Wes-Kaapse Provinsie. Die verslag gee ook 'n uiteensetting van die vooruitgang gemaak om die hoofbevindings van die GOP aan te spreek en lê klem op die belangrikste aanbevelings gemaak gedurende die vyf-jaar GOP wat in die 2012/13 finansiële jaar ontwikkel is.

De oorsig het verder ten doel om agtergrond te verskaf oor die kommentaarproses van die WMS, Artikel 32; die GOP evalueringsproses; en die PRMTUG 3 Benadering en Metodiek, wat:

- uitbrei oor die doel van die oorsig van die GOP's en begrotings
- die riglyne aandui wat oorsigte van die GOP's beheer
- die rol en verantwoordelikhede verduidelik van die onderskeie rolspelers in die oorsigproses

- die proses verduidelik wat jaarliks gevolg is om die GOP’s en begrotings te beoordeel
- die voordele lys om ’n gemeenskaplike oorsig van die GOP en die begrotingsproses in te stel
- die beginsels en belangrikste oorwegings onderliggend tot die oorsigproses van GOP’s bespreek
- ’n allesomvattende beplanning- en begrotingsiklus vir die Provinsie voorsien; en
- die bevindings van die GOP oorsig vir die finansiële jaar onder bespreking verskaf.

Die inleiding en die uitvoering van die gesamentlike GOP en die Begroting oorsigproses is geskoei op die onafskeidbare verhouding tussen strategiese beplanning en begrotings van munisipaliteite. Hierdie noue verhouding vereis dat die DPR en die Provinsiale Tesourie (PT) moet saamwerk wanneer munisipale planne en begrotings geëvalueer word. Beide Departemente verstaan hierdie noodsaaklike verhouding en streef daarna om saam te werk om dit te handhaaf.

# AFDELING A: DIE JAARLIKSE GOP EVALUERINGPROSES

## DIE JAARLIKSE GOP EVALUERINGPROSES

### 1 WMS Artikel 32 Proses/die GOP Voorleggingprosedure

Die WMS en MPPMR dui aan dat die LUR vir Plaaslike Regering in die provinsie kan, binne 30 dae na ontvangs van 'n afskrif van 'n GOP of 'n wysiging daarvan, versoek dat die betrokke Munisipale Raad die plan wysig in ooreenstemming met die voorstelle van die LUR. Munisipale Rade moet oorweging skenk aan die LUR se kommentaar binne 30 dae na ontvangs daarvan.

Ten einde uitvoering te gee aan die bogenoemde wetgewing, doen die Departement van Plaaslike Regering (DPR) die evaluering van die munisipale GOP's ten einde leiding vir begrotingsbeplanning te gee en toe te sien om terreine waarin Munisipaliteite presteer aan te dui asook diesulkes waar verbetering nodig is. In vorige jare, was dit DPR se benadering om die LUR se kommentaar beskikbaar te stel na 'n evaluering van die finale goedkeuring van die GOP's van Munisipaliteite in die Provinsie. Munisipaliteite het egter hul kommer uitgespreek dat hulle dan slegs (na die volgende hersiening van hul GOP's) aandag kan gee aan die aanbevole areas van verbetering, soos aangedui in die LUR se kommentaar, wat nie 'n gewenste situasie is nie. Munisipaliteite het die DPR versoek om 'n konsep GOP oorsig te oorweeg ten einde leiding te gee tydens die finaliseringsproses van hul GOP's.

In reaksie hierop het die DPR in April 2012 gedurende die 2012/13 GOP finaliseringproses, die konsep GOP's ontleed en gedetailleerde terugvoering verskaf. Die proses van koördinasie tussen Departementele sektore het gedurende die eerste drie weke in April 2012 plaasgevind nadat die eerste konsep GOP deur die DPR ontvang is. Hierdie proses is vir alle daaropvolgende GOP aanslae gevolg en bly dié een waarvolgens die oorsig gedoen word vir die 2016/17 finansiële jaar.

Die nuwe proses het verseker dat:

- Munisipaliteite die geleentheid gebied word om, waar moontlik, provinsiale kommentaar in te sluit in hul GOP's alvorens dit goedgekeur word; en
- Die GOP's van Munisipaliteite 'n aanduiding is van die regering se belegging in 'n munisipale ruimte voordat dit deur die munisipale Raad goedgekeur word.

### 2. Die Inleiding van 'n Hersiene Metodologie vir Evaluering

Tydens die 2012/13 PRMTUG 3 proses, het die PT en die DPR aparte evalueringsprosesse gedoen. Dit het gelei tot die implementering van ongekoördineerde provinsiale beplannings- en begrotingsprosesse wat in isolasie van mekaar plaasgevind het en oorvleueling en verwardheid by Munisipaliteite en sektore geskep het. Om hierdie tekortkoming te bowe te kom, is daar ooreengekom dat die GOP en die Begrotingsevalueringsproses gekoppel word om sinergie tussen die begrotings en die GOP's van Munisipaliteite te verseker. Die behoefte dat (geselekteerde) sektor departemente in die prosesse betrokke moet wees, is ook tydens die evalueringsproses uitgewys. Laasgenoemde was die proses wat gevolg is vir alle daaropvolgende GOP oorsigte in die Wes-Kaap Provinsie.

### 3. Die Fases van die Gesamentlike evalueringsproses

Die implementering van die voorgestelde beplanning van die nuut-goedgekeurde Inter-regeringsorganisasies se Beplanning en Begrotingbelyningraamwerk is onderskryf deur wetlike voorskrifte, beide vanuit 'n WMS asook 'n WBMF perspektief. Hierdie beplanning maak voorsiening vir ses afsonderlike, maar interafhanklike stappe.

3.1 Die voorbereidingsfase: die skep van 'n gunstige omgewing vir evaluering en betrokkenheid.

Hierdie fase van die proses bestaan uit die volgende sleutelaksies:

- 'n gesamentlike omsendbrief (die DPR en die PT) aan Munisipaliteite wat verduidelik hoe die gesamentlike evalueringsproses vir die boekjaar uitgerol sal word. Die omsendbrief verduidelik,

onder andere, belangrike tydraamwerke en sperdatums en brei uit op die toekomstige kommunikasiedatums. Die gesamentlike omsendbrief is op 18 Desember 2015 uitgereik aan Munisipaliteite

- die voorbereiding en finalisering van die oorsigte van die evalueringsprosedures van die PT en die DPR
- kommunikasie van die evalueringsproses aan Munisipaliteite deur alle provinsiale inter-regeringsverhoudingstrukture vir kommentaar en die finalisering van die proses teen nie later nie as die einde van Desember elke jaar
- die ontwikkeling en goedkeuring van die program met die oog op munisipale besoek
- die tertafellegging van die konsep munisipale GOP's en begrotings teen 31 Maart elke jaar
- die indiening van die konsep munisipale GOP's en begrotings jaarliks nie later nie as 3 April vir relevante afdelings in die PT en die DPR
- verspreiding van die konsep GOP's deur die DPR na alle sektor departemente binne twee dae van ontvangs vanaf Munisipaliteite.

3.2 Die Evalueringsfase: Afsonderlike evaluering wat gedoen word deur die DPR van die konsep GOP's en deur die PT en die DPR van konsepbegrotings

Hierdie fase bestaan uit twee dele. Die een deel van die evalueringsfase fokus op die GOP's en word gelei deur die DPR om die konsep GOP's te evalueer. Die tweede deel van die evaluering fokus op munisipale begrotings en word onderneem deur die PT om die konsep munisipale begrotings te evalueer.

Die DPR doen verder die evaluering van die konsep GOP's in samewerking met provinsiale en nasionale sektordepartemente sowel as semi-staatsinstellings. Die volgende belangrike aksies is ingesluit in hierdie deel van die proses:

- verspreiding van die GOP's aan sektordepartemente en semi-staatsinstellings
- 'n interne evaluering van die konsep GOP's deur sektordepartemente, semi-staatsinstellings en die DPR gedurende die eerste en tweede weke van April
- die bereiking van 'n ooreenkoms oor die deelname van sektordepartemente tydens die besoeke aan individuele Munisipaliteite, en
- die samevoeging en integrasie op 'n jaarlikse basis van sektordepartemente se kommentaar deur die DPR tydens die tweede en derde weke van April.

3.3 Die Konsolidasiefase: Konsolidasie van die GOP en Begrotingverslae (bepaal die skakeling tussen die GOP's en Begrotings)

Hierdie fase is een van die bymekaarkompunte in die evalueringsproses. Hier word daarna gestreef om toe te sien dat bevindings van die begrotings van Munisipaliteite tussen die DPR en die PT bespreek word en om te sorg dat daar geen duplisering is nie maar wel toegevoegde waarde. Die fase van die proses bestaan uit die volgende kernoptredes:

- oefensessies gedurende die week van 11 April
- ooreensteming moet gekry word in probleemareas, belangrike tendense moet bepaal word en goeie praktyke moet geïdentifisser word om voorlopige bevindings te maak oor skakeling tussen munisipale planne en hul begrotings
- die verspreiding van die evalueringsbevindings aan Munisipaliteite teen nie later nie as 19 April; en
- 'n bespreking deur die Munisipale Raad van voorlopige bevindings oor die konsep GOP's en begrotings.

3.4 Die Ondersoekfase: Munisipale Betrokkenheid

Die hoofdoel van die besoek aan Munisipaliteite was om aan hulle die geleentheid te bied om betrokke te raak by die kommentaar en bevindings deur die DPR, die PT, semi-staatsinstellings en ander sektordepartemente van die konsep GOP en die begroting. Die munisipale besoeke het op 14 April begin en het uit twee plaaslike groepe amptenare van die PT en die DPR bestaan wat, om die proses te bespoedig, tydens dieselfde tydperk betrokke was by die verskillende Munisipaliteite. Gedurende hierdie fase het die volgende plaasgevind:

- die Provinsie het hul aanvanklike bevindings van die konsep GOP's en munisipale begrotings voorgelê
- individuele Munisipaliteite is 'n geleentheid gebied om te reageer op die provinsiale bevindings
- beide die Munisipaliteite en die Provinsie het die bevindings en reakies bespreek en ooreenkomste is bereik oor die belangrikstes, insluitende gebiede waarop verbeter kan word, tydsraamwerke en verantwoordelikhede; en
- munisipaliteite is tyd gegun om amptelik te reageer op Provinsiale kommentaar en bevindings.

3.5 Ondervraging- en terugvoeringsfase: Ondervraging en Munisipale Terugvoering

Na die munisipale besoeke, het die DPR en die PT twee stappe geneem, naamlik:

- ‘n bespreking van die proses na afloop van munisipale besoeke om ooreen te kom oor die bevindings; en
- die wysiging van aanvanklike kommentaar wat daarna aan Munisipaliteite gestuur is.


Die ondervragingsproses het op 20 Mei plaasgevind en het ten minste twee streeksgroepe ingesluit om in te skakel by die PT onderhandelingstrukture en die GOP/Streeksbestuurspanstrukture. Hierdie fase het ook die proses begin vir die voorbereiding van die kabinetsvoorleggings deur die twee departemente.

3.6 Die Goedkeuringsfase: Goedkeuring van Begroting, die GOP en Voorbereiding van die Kabinetsvoorleggings

Goedkeuring is die finale fase van die jaarlikse GOP evalueringsproses. In hierdie fase word daar hoofsaaklik na goedkeuring van die Munisipale GOP's en die begroting, inaggenome die Provinsiale kommentaar, gekyk. Die volgende aksies word in hierdie fase van Munisipaliteite verlang:

- die insluiting van Provinsiale kommentaar deur Munisipaliteite by hul konsep GOP's en begrotings voor die indiening vir goedkeuring aan die Raad
- die indiening deur Munisipaliteite van hul GOP's en begrotings by die Raad vir goedkeuring nie later nie as 31 Junie
- die indiening van hul finale goedgekeurde GOP's aan die DPR
- beoordeling deur die DPR van die GOP oorsigte van die finale goedgekeurde GOP's
- voorbereiding van kabinetsvoorleggings deur die PT en die DPR oor die status van die GOP's en begrotings vir die relevante boekjaar; en
- uitreiking van briewe deur die DPR aan Munisipaliteite wat nie voldoen aan Artikels 26 en 29 van die WMS nie.

Die ses fases van die Gesamentlike Evalueringsproses word in diagramformaat opgesom in Figuur 1 hieronder.




**Figuur 1: 2016/17 PRMTUG 3 Proses**

## 4. Goedkeuring van die finale GOP's

Die tabel hieronder dui die goedkeuringsdatums aan van beide die konsep en finale GOP's deur Munisipaliteite in die Wes-Kaap Provinsie vir die 2016/17 finansiële jaar asook voorleggingsdatums aan die DPR.

| Munisipaliteit | Goedkeuringdatum van 2015/16 die GOP | Datum ingedien aan die DPR en die PT | Resolusie nr deur Raad |
|---|---|---|---|
| Stad Kaapstad | 25/05/2016 | 25/05/2016 | Item SPC 04/05/16 |
| Weskus DM | 25/05/2016 | 08/06/2016 | ITEM 16/05/25/5.1.1 |
| Matzikama Munisipaliteit | 31/05/2016 | 08/06/2016 | Item 7.2.1 |
| Cederberg Munisipaliteit | 30/05/2016 | 30/05/2016 | RB9.1.1/26-05-2016 |
| Bergrivier Munisipaliteit | 31/05/2016 | 15/06/2016 | RVN015/05/2016 |
| Saldanhabaai Munisipaliteit | 26/05/5016 | 14/06/2017 | R7/5-16 |
| Swartland Munisipaliteit | 26/05/2016 | 31/05/2016 | Item 3.2 |
| Kaapse Wynland Distrik Munisipaliteit | 28/04/2016 | 03/06/2016 | C.14.4 |
| Witzenberg Munisipaliteit | 18/05/2016 | 30/05/2016 | Item: 8.1.4. (c) |
| Drakenstein Munisipaliteit | 20/05/2016 | 27/05/2016 | 3/3/1/3/13 (Item 7.2) |
| Stellenbosch Munisipaliteit | 25/05/2016 | 27/05/2016 | Item 7.1 |
| Langeberg Munisipaliteit | 23/05/2016 | 27/05/2016 | A3258 |
| Breedevallei Munisipaliteit | 17/05/2016 | 02/06/2016 | C31/2016 |
| Overberg Distrik Munisipaliteit | 25/04/2016 | 30/05/2016 | A367.25.04.2016 |
| Theewaterskloof Munisipaliteit | 26/05/2016 | 30/05/2016 | SC22/2016 |
| Overstrand Munisipaliteit | 25/05/2016 | 31/05/2016 | Item 5.8 |
| Kaap Agulhas Munisipaliteit | 31/05/2016 | 02/06/2016 | 105/2016 |
| Swellendam Munisipaliteit | 31/05/2016 | 02/06/2016 | A 109 |
| Eden Distrik Munisipaliteit | 27/05/2016 | 02/06/2016 | DC/05/16 |
| Kannaland Munisipaliteit | 06/06/2016 | 15/06/2016 | Council 10/6/16 |
| Hessequa Munisipaliteit | 30/05/2016 | 02/06/2016 | Item 5.1 |
| Mosselbaai Munisipaliteit | 30/05/2016 | 02/06/2016 | E96-05/2016 |
| George Munisipaliteit | 24/05/2016 | 02/06/2016 | item 4.2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Oudtshoorn Munisipaliteit | 26/05/2016 | 07/06/2016 | 60.6/05/16 |
| Knysna Munisipaliteit | 31/05/2016 | 07/06/2016 | C02/03/16 |
| Bitou Munisipaliteit | 27/05/2016 | 01/06/2016 | C/2/297/05/16 |
| Sentraal Karoo Distrik Munisipaliteit | 30/05/2016 | 09/06/2016 | CR 15.1 |
| Laingsburg Munisipaliteit | 26/05/2016 | 02/06/2016 | G1/1 |
| Prince Albert Munisipaliteit | 27/05/2016 | 03/06/2016 | 21/2016 |
| Beaufort-Wes Munisipaliteit | 31/05/2016 | 10/06/2016 | Item 8.5 |

**Tabel 1: Wes-Kaap 2016/17 GOP Goedkeuring en Voorleggingdatums**

## 5. Die proses na Evaluering

### 5.1 Besprekingsessies

'n Besprekingsessie is gehou tussen die PT en die DPR en daar is ooreengekom oor ondersteuninginisiatiewe vir elke Munisipaliteit tussen die twee departemente. Beide departemente was aktief betrokke by Munisipaliteite na afloop van die GOP en begrotingsaanslae en het ondersteuning verskaf aan individuele Munisipaliteite om toe te sien dat aanbevole gebiede vir verbetering ingesluit is in die finale GOP en begroting.

'n Besprekingsessie met sektordepartemente ná die GOP evalueringsproses is op 23 Junie 2016 deur die GOP Indaba Werkgroep gehou om:

- sleuteluitkomste van die GOP evalueringsproses te identifiseer
- kernuitdagings in beide prosedures sowel as die gehalte van die GOP's in die Provinsie te identifiseer; en
- om die pad vorentoe aan te dui vir die PRMTUG 3/die GOP evalueringsproses vir die 4e generasie GOP's.

### 5.2 Aanbieding by die Provinsiale GOP Bestuurdersforum

Munisipaliteite het die geleentheid gehad om hul ervarings en indrukke van die GOP evalueringsproses te bespreek en terugvoering te gee by die Provinsiale GOP Bestuurdersforum gehou op 2-3 Junie 2016 in Hermanus. Die GOP bestuurders het gevra dat hulle graag duidelikheid sou wou kry van departementele sektore oor wat gedoen moet word in die GOP soos vereis deur elke sektor. Kommer is uitgespreek oor die nakoming van Artikel 26 van die WMS. Daar is aangedui dat daar slegs ten volle daaraan voldoen sal kan word in die nuwe GOP termyn. Duidelikheid is ook gevra oor die vereistes kragtens die strategiese verband tussen die hersiene GOP en die ROR.

Konsensus is deur die forum bereik dat kommentaar van elke departementele sektor slegs aanbevelings is. Die aanbevelings is gemik op verbeterde beplanning vir die 4e generasie GOP's en dat die Distriksmunisipaliteite die voortou sal neem om departementele sektore in hierdie verband te betrek. Munisipaliteite versoek dat die betrokke sektore met elke Munisipaliteit sal onderhandel voor die GOP evalueringsbesoeke en dat die Munisipaliteit self ook pro-aktief moet optree in sy benadering tot die PRMTUK 3 besoeke om sodoende die proses te vergemaklik.

Daar is aangedui dat die Gemeenskapsopname 2016 deur StatsSA asook die sosio-ekonomiese profiele van Plaaslike Regering (SEPLG) onderneem deur die PT baie nuttig sal wees vir die beplanning

vir die 4e generasie GOP. So ook die Algemene Huishoudelike Statistieke wat op 1 Junie 2016 vrygestel is.

Die Nasionale Departement van Samewerkende Regering (DSR) het die 2012/13 GOP evalueringsraamwerk uitgereik wat onderskeidelik in werksessies met Munisipaliteite en departementele sektore in die Wes-Kaapprovinsie deur die IIWG en die GOP Bestuurderforum IGR-strukture bespreek is. Die raamwerk is gewysig en gekontekstualiseer om te voldoen aan die vereistes van beide departementele sektore en Munisipaliteite in die Wes-Kaapprovinsie. 'n Stel parameters is ontwikkel vir die 2016/17 GOP evalueringsperiode wat die evaluering van beide die GOP en begroting van Munisipaliteite insluit. Elke departementele sektor het 'n stel parameters voorsien waarvolgens die GOP's beoordeel is.

# AFDELING B: NUUTSTE TENDENSE VAN DIE GOP OORSIGTE VAN MUNISIPALITEITE

## ONTLUIKENDE TENDENSE IN DIE GOP OORSIGTE VAN MUNISIPALITEITE

'n Aantal bemoedigende tendense vir die bevordering van verbeterde inter-regeringsorganisasies se beplanning en begroting is tydens die GOP evalueringsproses geïdentifiseer. Die tendense word in detail hieronder bespreek.

### 1. Voldoening aan Artikel 26 van die WMS en Regulasies

Die GOP's voldoen oor die algemeen aan die minimum vereistes van Artikel 26 van die WMS wat hier uiteengesit is. Dit beteken dat die meeste GOP's die volgende vervat:

- missiestellings wat die kritiese ontwikkeling en interne transformasie-behoeftes beklemtoon
- evaluering van die bestaande vlak van ontwikkeling, insluitende die identifisering van gemeenskappe wat nie toegang tot basiese munisipale dienste het nie
- prioriteite en doelwitte, insluitend die ontwikkeling van ekonomiese doelwitte en interne transformasiebehoeftes
- ontwikkelingstrategieë wat verband hou met nasionale en provinsiale sektorale planne en beplanningsvereistes bindend op Munisipaliteite kragtens wetgewing
- ruimtelike ontwikkelingsraamwerke wat die voorsiening van basiese riglyne vir 'n grondgebruikbestuurstelsel vir 'n Munisipaliteit insluit
- operasionele strategieë
- toepaslike rampbestuursplanne
- finansiële planne wat 'n begrotingsprojeksie vir ten minste die volgende drie jaar insluit; en
- die sleutelprestasie-aanwysers en prestasieteikens bepaal kragtens Artikel 41 van die WMS.

### 2. Ooreenstemming tussen Nasionale en Provinsiale Beleid en Planne

Die GOP's dui op voldoende ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan 2013, Nasionale Uitkomste, Provinsiale Strategiese Doelwitte en die maatstaf vir Munisipale prestasie voldoen aan vereistes van hierdie strategiese dokumente.

### 3. Begrotings moet voldoen aan Prioriteite

Munisipaliteite maak seker dat hulle hul begrotings opstel sodat dit voldoen aan die prioriteite soos verwoord in die GOP's. Verdere analise het aangetoon dat munisipale GOP's toenemend meer reageer op die behoeftes van gemeenskappe en dat die strategiese prioriteite geïdentifiseer in die GOP's die gemeenskap se behoeftes in ag neem.

### 4. Skakeling tussen die Prestasiebestuursels in Munisipaliteite

Munisipaliteite het gereageer op voorafbepaalde doelwitte soos vereis deur die Ouditeur-generaal deur te sorg dat daar 'n sterker verband is tussen hulle GOP's en hul Prestasiebestuurstelsels. Dit is duidelik dat daar klem in die Provinsie geplaas word op die skakeling tussen die strategiese doelwitte (SD) soos vervat in die Munisipale GOP's, Sleutelprestasie-aanwysers (SPA), Dienslewering Begrotingsimplementeringsplanne (DBIP), Prestasiebestuurstelsels (PBS) en kwartaallikse en jaarlikse verslagdoening in die GOP's.

### 5. Belangrike uitdagings geïdentifiseer

- Die munisipale GOP oorsigte het aangetoon dat daar nog verwarring heers oor wat die inhoud van 'n 5-jaar GOP oorsig en die GOP wysiging behoort te behels en duidelikheid word vereis van die DPR in hierdie verband.

- Die inhoud en formaat van die GOP’s was nie eenvormig nie en het 'n vergelykende evaluering tussen die GOP’s byna onmoontlik gemaak. Dit was steeds ‘n uitdaging om inligting van die GOP te verkry.
- Openbare deelname bly 'n uitdaging. Sommige Munisipaliteite het aangedui dat alhoewel hulle dikwels verskillende platforms gebruik het om die publiek te betrek, die vlak van deelname deur die gemeenskappe in die GOP proses steeds 'n uitdaging is.

# AFDELING C: DIE GOP OORSIGBEVINDINGS EN KERNAANBEVELINGS VAN DIE VERSKILLENDE MUNISIPALITEITE

Hierdie afdeling van die verslag handel oor die GOP evalueringsbevindings van elke Munisipaliteit oor die 3e generasie tydperk van die GOP. Dit gee 'n ontleding van die vordering wat gemaak is tydens die daaropvolgende oorsigtydperke, spreek die belangrikste bevindings aan en beklemtoon die belangrikste aanbevelings wat gemaak is tydens die evaluering van die 5-jaar GOP wat in die 2012/13 finansieële jaar ontwikkel is.

## Overberg Distrik Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses aangespreek is tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's:

- Die Munisipaliteit het 'n gedetailleerde beskrywing van basiese diensleweringvlakke vir Gesondheid, Rampbestuur en Paaie in hul GOP ingesluit soos aangedui in die 2013/14 GOP oorsig
- Die Munisipaliteit het die verband tussen die verskillende sektorplanne aangedui asook verdere skakeling tussen die sektorplanne, die strategiese doelwitte, aksies, nodige hulpbronne en begroting soos in die 2013/14 GOP oorsig.
- 'n Aanbeveling is gemaak dat, synde die GOP sensitief is ten opsigte van die behoeftes van kwesbare groepe (soos gestremdes/jeug/vroue, ensovoorts), die beplande ingrypings moet aandui watter uitdagings, endemies aan hierdie spesiale groepe, aangespreek sal word. Die Munisipaliteit het in die 2014/15 GOP hersieningsproses spesifieke maatreëls, projekte en programme geïdentifiseer om sosiale ontwikkeling, veral vir kwesbare groepe, te bevorder.
- Die Munisipaliteit het die goedkeuring van die ROR geprioritiseer en sluit die hersiene ROR by die 2014/15 GOP in.
- Die Munisipaliteit het bykomende take vir die Luggehaltebestuur (LGBP) verrig en het die plan vir hersiening bestem soos uiteengesit in die 2014/15 GOP. Die LGBP is deur die Raad goedgekeur soos weerspieël in die 2015/16 hersiene GOP en is tans in die proses om geïmplementeer te word.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering gemaak om die bevindings van die evaluering van die 5-jaar GOP, ontwikkel in die boekjaar 2012/13, aan te spreek:

- Die basiese diensleweringvlakke vir die bestuur van vaste afval is nie voldoende weerspieël in die 2012/13 GOP nie en die Geïntegreerde Afvalbestuursplan (GABP) is nie goedgekeur nie. Die bevinding bly gedeeltelik aangespreek vir die 2013/14 en 2014/15 aanslae aangesien daar voortdurend in dié tyd daaraan gewerk is. Die Munisipaliteit het in die 2015/16 GOP oorsig aangedui dat die GABP gefinaliseer sal word nadat die B-Munisipaliteite hul GABP 's hersien het. Dit sal 'n aanduiding wees van die vlak van dienste wat gelewer moet word vir die bestuur van vaste afval. Die bevinding bly gedeeltelik aangespreek in die 2016/17 die GOP evalueringsproses.
- In 2102/13 is die Munisipaliteit versoek om die ontwikkeling van 'n Kusbestuurplan (KBP) te prioritiseer. Die 2014/15 GOP evaluering het aangedui dat dit in samewerking met die DOSOP gedoen moet word en dat die Munisipaliteit dit as prioriteit sal beskou. Die 2015/16 GOP evaluering weerspieël dat die KBP vir die Overberg Distrik Munisipaliteit nog steeds in konsepvorm is en dat dit nie geïmplementeer is nie. Die 2016/17 evaluering dui aan dat die konsep KBP in die proses is om gefinaliseer te word en vir goedkeuring aan die Distrik Raad voorgelê sal word. Die KBP sal hersien word deur die DOSOB om seker te maak dat dit strook met die vereistes van die Nasionale Kusbestuurplan (NKBP), die Provinsiale Kusbestuurplan (PKBP) en die proses en inhoudvereistes soos geïdentifiseer in die Geïntegeerde Kusbestuurswet (GKBW). Die bevindings bly egter slegs gedeeltelik aangespreek.


**Bevindings nie aangespreek nie**

Die Munisipaliteit het geen vordering gemaak om te sorg dat die volgende oorsigbevinding aangespreek is nie:

- Die ROP geskool op die regering se raamwerk soos aangedui in die 2012/13 GOP was van swak gehalte en die Munisipaliteit is aangeraai om leesbare ruimtelike kaarte in die GOP in te sluit. Die bevinding is steeds nie aangespreek in die 2014/15 evalueringsproses nie. Die 2015/16-oorsig het aangedui dat geen projekte ruimtelik in die GOP weerspieël word nie en dat dit voordelig sal wees dat die GOP 'n saamgestelde kaart van die ROR sal bevat wat die toekomstige ruimtelike ontwikkeling van die distrik aandui. Die Munisipaliteit is aangeraai om die insluiting van leesbare ruimtelike kaarte in die 4de generasie die GOP te prioritiseer.

**Opsomming van bevindings**

Die Overberg Distrik Munisipaliteit het die grootste deel van die 2012/13 GOP bevindings in die 2013/14 en 2014/15 oorsigtydperke aangespreek en die bevinding rondom die LGBP is in die 2015/16 GOP aangespreek.




**Figuur 2: Aantal oorsigbevindings Overberg Distrik**

Die Overberg GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit word aangemoedig om voort te gaan om die kwessie rondom die insluiting van die vlakke van dienslewering vir vaste afvalbestuur aan te spreek en om die ontwikkeling van die KBP te prioritiseer, aangesien dié as die Distrik KBP van die plaaslike Munisipaliteite in die jurisduksie van die Overberg Distrik dien. Die Munisipaliteit het geen vordering kragtens die ruimtelike kaarte in ooreenstemming met die regering se beleid, soos weerspieël in die GOP, gemaak nie en die Munisipaliteit moet ruimtelike sektorbelegging in die munisipale gebied aandui deur middel van leesbare kaarte. Die Departement van Plaaslike Regering: Rampbestuureenheid (DPR: RBE) kan help in hierdie verband. Verder moet die Munisipaliteit die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem kragtens die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.

# Overstrand Munisipaliteit

### Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- In die 2013/14 GOP oorsig het die Munisipaliteit die bevinding van die vorige jaar kragtens die uitvoer van addisionele werk ten opsigte van die ontwikkeling van die GABP aangespreek.
- Die Munisipaliteit het die aanbeveling om die skakeling aan te dui tussen die verskillende sektorplanne aangespreek, asook om verdere skakeling tussen die sektorplanne, die strategiese doelwitte, aksies, hulpbronvereistes en begroting soos in die 2013/14 GOP aangedui, te bewerkstellig.
- Die 2013/14 GOP het aangedui dat die bestuur van wateraanvraag en bewaringstrategieë en projekte oorweeg word en het verder toegesien dat die tekortkomings soos dienslewering en implementeringstrategieë, soos vereis in die Waterdienste Ontwikkelingsplan (WDOP), uitgewys is.
- Struikelblokke en uitdagings met betrekking tot Luggehaltebestuur en die toepaslike versagtende ingrypings is in die GOP aangespreek en die Munisipaliteit het ook die LGBP ontwikkel wat strategieë insluit om die luggehalte soos vervat in die 2014/15 GOP oorsig, te verbeter.


### Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit

Die Munisipaliteit het die volgende vordering gemaak ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die 2012/13 boekjaar:

- Die Munisipaliteit is versoek om 'n KBP te ontwikkel. In die 2013/14 en 2014/15 GOP oorsig, het die Munisipaliteit aangedui dat die KBP, in samewerking met Overberg Distrik Munisipaliteit, ontwikkel sal word. In die 2015/16 GOP oorsig, het die Munisipaliteit aangedui dat die Kusbestuurlyn, wat aansluit by die ontwikkeling van 'n KBP vir die hele Overbergstreek, deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkeling (DOSOB) en die Overberg Distrik Munisipaliteit ontwikkeling word. Die Distrik Kusbestuurplan (KBP) dien as die plaaslike KBP en moet hersien word deur die DOSOB om toe te sien dat dit ooreenstem met die Nasionale en Provinsiale KBP. Die Distrik KBP is in die proses om gefinaliseer te word en sal aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring soos uiteengesit in die 2016/17 evalueringsverslag. Die bevinding bly gedeeltelik aangespreek.

### Opsomming van bevindings

Die Overstrand GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS in die 2016/17 evaluering. In die 2013/14 GOP oorsig het die Overstrand Munisipaliteit die bevindings rondom die ontwikkeling van die GABP opgelos, die skakeling tussen verskillende planne vir sektore in ooreenstemming met die begroting asook die bestuurstrategieë ten opsigte van wateraanvraag, voldoende aangedui. Verder is die kwessies rondom die bestuur van luggehalte in die 2014/15 oorsig aangespreek. Laastens moet die Munisipaliteit die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP in ag neem en, sover moontlik, die riglyne volg om die 4e generasie GOP toe te lig.




**Figuur 3: Aantal oorsigbevindings Overstrand Munisipaliteit**

Een bevinding bly gedeeltelik nie aangespreek nie aangesien die Munisipaliteit tans wag op die finalisering van die Distrik KBP wat dien as dié van die Distrik. Die Munisipaliteit is gelukgewens vir die vordering wat gemaak is om bevindings aan te spreek. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/ 14-2016 / 17) om die 4e generasie GOP toe te lig.

# Theewaterskloof Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Munisipaliteit het toegesien dat die geloofwaardigheid van die behuisingsvoorsieningsproses, soos weerspieël in hulle GOP, ooreenstem met die Departementele Besigheidsplan en weergegee word in die 2013/14 GOP oorsig en in die begroting.
- Die 2013/14 GOP oorsig dui die skakeling aan tussen die verskillende sektorplanne en verdere skakeling tussen die sektore se planne, strategiese doelwitte, aksies, hulpbronbenodighede en die begroting.
- Die Munisipaliteit het die gehalte van die ruimtelike kaarte wat die ontwikkelingsbehoeftes en die kapitale beleggings van die Munisipaliteit, soos aangedui in die 2013/14 GOP oorsig, verbeter.
- Die Overberg Distrik Munisipaliteit bestuur die luggehalte in die Theewaterskloof Munisipaliteit. Die GOP brei uit oor die struikelblokke en uitdagings wat verband hou met die bestuur van luggehalte en gepaste versagtende ingrypings. Die Munisipaliteit werk saam met die Distrik om die luggehalte in sy jurisduksiegebied, soos uiteengesit in die 2014/15 GOP oorsig, te bestuur.
- Die Munisipaliteit is aangeraai om spesifieke maatreëls, projekte en programme te identifiseer om sosiale kwessies wat voortspruit uit die sosio-ekonomiese *status quo* verslag aan te spreek. Hierdie bevinding is in die 2014/15 GOP oorsig aangespreek.
- Die Munisipaliteit het toegesien dat die nuwe ROR, wat hersien is as deel van die Bou-omgewing Ondersteuningsprogram (BOOP) wat deur die Raad goedgekeur is, soos vervat in die 2014/15 GOP oorsig, ingesluit is.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering getoon ten opsigte van die hantering van die oorsigbevindings van die 5-jaar GOP soos aangedui vir die finansiële jaar 2012/13:

- Die Munisipaliteit is aangeraai om die insluiting van die GABP in die GOP asook die implementering daarvan te prioritiseer en in die 2013/14 GOP oorsig word aangedui dat dit goedgekeur is. In die 2014/15 oorsig dui die verslag aan dat die GABP, wat goedgekeur is, deur die DOSOB geëvalueer is en volgens hulle aanbevelings gewysig moes word. Daarna moet dit weer vir goedkeuring voorgelê word. In die 2015/16 en 2016/17 oorsig word gemeld dat die 2e Generasie GABP nie voldoen aan al die vereistes van die Nasionale Omgewingsbestuur: Waterwet (NOB:WW) nie en derhalwe nie deur die LUR onderskryf word nie. Alhoewel vordering gemaak is met die implementering van die aanbeveling, bly die bevinding gedeeltelik aangespreek.

**Bevindings nie aangespreek nie**


Die Munisipaliteit het geen vordering getoon om toe te sien dat die volgende bevinding aangespreek is nie:

- Die GOP moet aandui watter projekte en strategieë deur die WDOP beplan word om die wateraanvraag te bestuur en te bewaar. Daar is aanbeveel dat 'n WDOP goedgekeur en geïmplementeer word. Die 2014/15 oorsig het aangedui dat befondsing verkry sal word vir die ontwikkeling van 'n Waterhulpbronplan en die 2015/16 GOP het kennis geneem dat die Munisipaliteit probeer om befondsing hiervoor te bekom. Dit is aanbeveel dat die Munisipaliteit die status van die WDOP in die 4e generasie GOP aandui.

**Opsomming van bevindings**

Die Theewaterskloof Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het 'n geloofwaardige behuisingsvoorsieningsproses wat ooreenstem met die sakeplan van die Departement van Menslike Nedersettings (DMV) en wat skakeling aandui tussen die sektorplan asook die verbetering van die gehalte van die ruimtelike kaarte wat in die 2013/14 GOP

oorsig ingesluit is. In samewerking met die Distrik, word die luggehalte aangespreek en projekte en programme om sosiale kwessies aan te spreek is ontwikkel. 'n Bygewerkde ROR is in die 2014/15 GOP oorsig ingesluit.




**FIGUUR 4: Aantal oorsigbevindings Theewaterskloof**

Die Munisipaliteit is aangemoedig om 'n GABP te ontwikkel wat voldoen aan die vereistes van die NOB:WW en wat deur die LUR geëndosseer moet word. Die Munisipaliteit moet die ontwikkeling van ‘n WDOP prioritiseer. Verder moet die Munisipaliteit kennis neem van die kerndetail van die GOP bepalings van Artikel 2 van die WMS en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14- 2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.

# Kaap Agulhas Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 oorsigproses aangespreek is tydens die oorsigtydperke van die 3e generasie GOP's:


- Die GOP het waterleweringsdienste verbeter en gekwantifiseer en gee 'n beter aanduiding van die waterdienste beskikbaar in die Munisipaliteit. Die Munisipaliteit het ook die gehalte van waterdienste, soos vervat in die 2013/14 GOP oorsig, aangedui.
- In die 2013/14 GOP oorsig is daar toegesien dat die historiese belangrikheid van landbou in die gebied erkenning gekry het deur die insluiting van ingrypings deur die PED wat deur die Munisipaliteit geïmplemeteer is. Verder is die Munisipaliteit se potensiële ekonomiese aktiwiteite in die verskillende sektore asook die behuisingvoorsieningsproses, gekoppel aan die voorgestelde behuisingsprojekte soos aangedui in die kapitaalbegroting in die 2013/14 GOP oorsig, ingesluit.
- Die Munisipaliteit het aangedui dat hulle 'n konsep LGBP ontwikkel en goedgekeur het, soos vervat in die 2014/15 GOP oorsig, en dat die LGBP vir die Kaap Agulhas Munisipaliteit deur die Raad goedgekeur en in die proses is om geïmplementeer te word. 'n Aangewese Luggehaltebeampte is aangestel, en as deel van die implementering van die LGBP, ontwikkel die Munisipaliteit 'n luggehalte munisipale regulasie tydens die 2015/16 GOP oorsigproses.
- Die Munisipaliteit het geen inligting verskaf oor hoe die Finansiële Plan inkomste-invordering en besteding aangespreek het nie. Die Munisipaliteit het die belangrikste elemente van die Finansiële Bestuurplan in die GOP hoofstuk oor Finansiële Bestuur ingesluit en het in die 2015/16 GOP oorsig aangedui dat die langtermyn Finansiële Plan slegs teen die einde van April 2015 beskikbaar sal wees. Die 2016/17 verslag dui aan dat die langtermyn Finansiële Plan afgehandel en goedgekeur is deur die Munisipale Raad.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die bevindings soos vervat in die 5-jaar GOP wat in die 2012/13 finansiële jaar ontwikkel is:

- Die Munisipaliteit is aangeraai om die hersiene ROR goed te keur en die 2014/15 GOP oorsig het aangedui dat die finale ROR voltooi word, en wat dan deur die Raad goedgekeur sal word. Die 2015/16 GOP oorsig weerspieël dat daar vir wysigings aan die ROR begroot word en die 2016/17 oorsig dui aan dat die Munisipaliteit na 'n verouderde ROR (2010) verwys wat derhalwe reggestel moet word (die ROR is op 26 Junie 2014 deur die Raad goedgekeur). Daar is ook aanbeveel dat daar voortdurend na die goedgekeurde ROR (2014) in die GOP verwys moet word. Die bevinding bly gedeeltelik aangespreek.
- Die Munisipaliteit is in kennis gestel dat ekstra aandag aan die GABP gegee moet word. Die 2014/15 verslag dui aan dat die GABP goedgekeur is, maar die plan moet in ooreenstemming met DOSOB se aanbevelings verfyn word. In die 2015/16 GOP oorsig dui die Munisipaliteit aan dat 'n konsep 2e generasie GABP deur die Direktoraat Afvalbestuur geformuleer is vir kommentaar en implementering deur die Munisipaliteit. Die 2016/17 evaluering dui aan dat die 2e generasie GABP vir goedkeuring aan die LUR voorgelê is. Dit het egter nie aan al die vereistes van die NOB:WW voldoen nie en die Departement het terugvoering verskaf en verdere aanbevelings gemaak wat wysigings noodsaak voordat dit deur die LUR onderskryf mag word.
- Daar is aanbeveel dat die Munisipaliteit 'n KBP ontwikkel. Die Munisipaliteit het in die 2014/15 en 2015/16 oorsigte aangedui dat die Overberg KBP in Junie 2016 opgestel sal word. Die 2016/17 verslag dui aan dat die KBP vir die Overberg Distrik as die Plaaslike KBP dien en deur die DOSOB hersien moet word om toe te sien dat dit ooreenstem met die Nasionale (NKBP) en Provinsiale (PKBP) Kusbestuursprogram. Die KBP konsep vir die distrik is in die proses om gefinaliseer te word en sal vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

**Opsomming van bevindings**
Die Kaap Agulhas Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die bevinding oor die verbetering van vereistes vir waterdienste aangespreek, die insluiting van PED-ingrypings geïmplementeer, 'n Luggehaltebeampte aangestel, omgesien na die ontwikkeling van die LGBP asook die Finansiële Plan goedgekeur.




**FIGUUR 5: Aantal oorsigbevindings Kaap Agulhas**

Die Munisipaliteit moet na die nuutste ROR verwys soos in die GOP dokument goedgekeur, kennis neem van kommentaar oor die GABP en deelneem aan die ontwikkeling van die Distrik KBP, wat dien as dié van die plaaslike Munisipaliteite. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem rakende die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne, sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die 2013/14- 2016/17 GOP oorsigte, om die 4e generasie GOP toe te lig.

# Swellendam Munisipaliteit

**Bevindings deur die Munisipaliteit aangespreek**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 oorsigproses aangespreek is tydens die oorsigtydperke van die 3e generasie GOP's:

- Die 2013/14 en 2015/16 oorsigte het aangedui dat die LGBP vordering maak en vir voltooiing in 2015 bestem is. Die 2016/17 oorsig dui aan dat die LGBP vir Swellendam Munisipaliteit opgestel en deur die Raad goedgekeur is. Dit word tans geïmplementeer.
- Die 2013/14 GOP oorsig dui die verband aan tussen die verskillende sektore se planne en verdere skakeling wat tussen die sektorplanne, strategiese doelwitte, aksies, hulpbronbenodighede en die begroting begin is.
- Die 2014/15 GOP oorsig was daarop gefokus om programme en projekte te identifiseer om steun te gee aan die hoofstuk wat verband hou met die PED se beleid om ekonomiese groei binne die munisipale gebied te bevorder. Verder het die GOP die uitdagings ten opsigte van menslike nedersettings asook die behuisingsaanvraag geïdentifiseer. Die behuisingsvoorsieningsproses is ingesluit in die GOP.
- In die 2014/15 oorsig dui die Munisipaliteit aan dat die ROR deur die BOOP gewysig is. Die 2015/16 verslag dui aan dat die ROR hersien word en dat die ROR derhalwe, ná die finalisering van die 2015/16 konsep GOP, goedgekeur is. 'n Aanbeveling is gemaak dat, as 'n kernkomponent van die GOP, die mees onlangse weergawe van die ROR in die GOP vervat moet word. Die 2016/17 verslag verwys na die nuutste goedgekeurde 2015 ROR en toon duidelik die verband aan tussen die GOP en die ROR.
- Die Munisipaliteit is versoek om 'n Rampbestuursplan (RBP) op te stel en goed te keur. Die bevinding was steeds nie in die 2013/14 en 2014/15 verslae aangespreek nie. Die 2015/16 GOP oorsig het aangedui dat die Munisipaliteit besig is om 'n konsep Ramp en Risikobestuurplan te voltooi. In die 2016/17 word die Munisipaliteit geprys vir die opstel en indiening van die RBP.


**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon om die oorsigbevindings van die 5-jaar GOP, ontwikkel in die 2012/13 boekjaar, aan te spreek:

- Die Munisipaliteit is aangeraai om die hersiene GABP goed te keur. Die 2013/14 en 2015/16 GOP oorsig het aangedui dat die GABP ontwikkel word, en vir voltooiing in 2015 bestem is. Die 2016/17 verslag dui aan dat die DOSOB die 2e generasie GABP vir die Munisipaliteit in oorsig neem en tans terugvoering gee aan die Munisipaliteit.

**Opsomming van Bevindings**

Die Swellendam Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en is tans besig met die goedkeuring van die LGBP. Skakeling tussen die verskillende sektore se planne is aangespreek en die hoofstuk oor PED word ontwikkel deur programme en projekte te identifiseer om ekonomiese groei in die munisipale gebied te bevorder. Die ROR toon duidelike ooreenkomste aan tussen die GOP en die ROR en die Munisipaliteit is geprys vir die opstel en goedkeuring van die RBP.




**FIGUUR 6: Aantal oorsigbevindings Swellendam Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit moet die gewysigde GABP aan die Raad voorlê vir goedkeuring en daarna aan die DOSOB. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem ten opsigte van die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14- 2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.

# Weskus Distrik Munisipaliteit


**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 oorsigproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Weskus Distrik Munisipaliteit se LGBP is deur die Raad goedgekeur en is deel van die 2013/14 GOP oorsig.
- Die 2014/15 verslag dui aan dat die ROR hersien is en teen Augustus 2013 voltooi moet word. Die 2015/16 oorsig, wat deur die Raad in 2007 goedgekeur is, toon aan dat die ROR verouderd is. Die 2016/17 oorsig dui aan dat die huidige ROR in Augustus 2014 deur die Raad goedgekeur is. Ten tye van die ontwikkeling van die 5-jaar GOP, was die nuwe ROR nie gereed nie en is daar verwys na die 2007 ROR. Sedertdien is 'n nuwe ROR deur die Raad goedgekeur wat nou op groot skaal in die jongste 2016/17 GOP oorsig ingesluit is. Daar is duidelik konsekwensie en ooreenstemming tussen die Weskus Distrik, die ROR en die GOP wat goed gedokumenteer is ooreenkomstig hul visie, strategiese doelwitte en doelstellings vir ruimtelike ontwikkeling. Toerisme inisiatiewe en uitgebreide infrastruktuurprojekte word ook in die Distrik beplan.
- Die 2014/15 aanslag dui aan dat die KBP nie ontwikkel is nie en dat dit nie die *status quo*, projekte en meganismes om plaaslike gemeenskappe oor omgewingskwessies te bemagtig, aandui nie. Die 2015/16 oorsig dui aan dat hoewel 'n KBP deur die Raad goedgekeur is, was dit met voorbehoud dat die implementering daarvan slegs moontlik sal wees indien fondse beskikbaar is. Die Munisipaliteit het die KBP in die 2016/17 GOP oorsig goedgekeur om die verskillende strategieë en voorgestelde projekte te implementeer sou die munisipale begroting daarvoor voorsiening maak.

**Bevindings nie aangespreek nie**

- Die 2013/14 oorsig dui aan dat die Munisipaliteit hul 2e generasie GABP aan die Departement van Waterwese voorgelê het. Die plan is geëvalueer en terugvoering is aan die Munisipaliteit gegee waarin die Departement van Waterwese aangedui het dat hulle nog wag vir 'n bewys van die Munisipaliteit dat die GABP deur die Raad goedgekeur is. In die 2014/15 oorsig is daar weer na die bevinding verwys. Die 2015/16 oorsigsproses toon aan dat die Weskus Distrik Munisipaliteit hul bygewerkde 2e generasie GABP aan die Direktoraat: Afvalbestuur (D:AB) ingedien het vir evaluering waarna terugvoering gegee is. Die GABP het nie voldoen aan die vereiste deur die Wet op Afval nie; dus het die D:AB nie die plan goedgekeur nie en wag hulle vir 'n Raadsbesluit deur die Munisipaliteit vir goedkeuring van hul 2e generasie GABP. Die 2016/17 aanslag dui aan dat die 2e generasie GABP nog nie deur die Raad goedgekeur en in die konsep GOP oorsig vir die Distrik vervat is nie. Die bevinding bly dus nie aangespreek nie.

**Opsomming van bevindings**
Die Weskus Distrik Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die 2013/14 LGBP goedgekeur. Die 2016/17 oorsig dui aan dat die ROR voldoen aan die GOP en die Munisipaliteit het die KBP goedgekeur. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS, met betrekking tot die sleutelinligting van die GOP, in ag neem en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 7: Aantal oorsigbevindings Weskus Distrik Munisipaliteit**

# Matzikama Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 oorsigproses aangespreek is tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's:

- Die 2013/14 oorsig het aangedui dat 'n vorige weergawe van die ROR kragtens die WMS in 2010 goedgekeur is deur die Raad met die verstandhouding dat die betrokke bygewerkde ROR by voltooiing van die BOOP, Rondte 3 Fase 2 proses, op 28 Mei 2013 voor die Raad sal dien. In die 2014/15 evaluering is aangedui dat die ROR voorlopig kragtens Artikel 17 van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, goedgekeur is. 'n Bykomende ruimtelike voorstellingskaart moes ingesluit word by die ROR vir finale goedkeuring deur die Raad. Die verwagting was dat die bykomende Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (MROR) teen die einde van April 2014 voltooi sou wees. Die 2015/16 GOP oorsig weerspieël dat die huidige ROR wel deur die Raad in Junie 2014 goedgekeur is.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevinding van die 5-jaar GOP ontwikkeling in die 2012/13 boekjaar:

- Die 2014/15 evaluering het aangedui dat die Munisipaliteit se LGBP deur die Munisipale Raad in 2012 goedgekeur is. Die LGBP voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in die NOB:LGW maar luggehaltebestuur is egter nie goed aangespreek in die GOP nie. Die 2016/17 oorsig weerspieël dat, alhoewel melding gemaak is van die LGBP in die Munisipaliteit se GOP, dit slegs gedeeltelik voldoen aan die inhoudsvereistes van Artikel 16 van die NOB:LGW aangesien daar geen voorsiening gemaak is vir die begrotingsvereistes vir luggehaltebestuur-programme in die GOP nie. Die Munisipaliteit is aangeraai om die ontwikkeling van 'n LGBP in die 4e generasie GOP te prioritiseer.

**Bevindings nie aangespreek nie**


Die Munisipaliteit het geen vordering aangetoon om toe te sien dat die volgende bevindings aangespreek is nie:

- Die Munisipaliteit is versoek om 'n KBP te ontwikkel maar die 2013/14 GOP spreek nie die ontwikkeling van munisipale regulasies aan om kusontwikkeling te bevorder nie. Die Munisipaliteit bepaal dat regulasies ontwerp sal word in samewerking met die KBP en wat dan deur die Munisipaliteit geïmplementeer moet word. Die 2015/16 evaluering dui aan dat die Munisipaliteit nie 'n goedgekeurde KBP met goedgekeurde kusbeplanningskemas het nie. Die 2016/17 evaluering toon aan dat Matzikama Munisipaliteit nie die goedgekeurde Weskus Distrik Kusbestuurprogram goedgekeur het nie en die GOP maak geen voorstel om die Distrik KBP goed te keur nie.
- Die Munisipaliteit is aangeraai om te sorg vir die ontwikkeling van 'n GABP en die 2013/14 evaluering dui aan dat 'n 2e generasie GABP aan die DOSOB voorgelê is vir evaluering alhoewel dit nie as deel van hulle GOP voorgelê is nie. Daar was geen aanduiding in die GOP dat die GABP deur die Raad goedgekeur is nie. Die 2014/15 evaluering het aangedui dat die GABP geëvalueer is en die Munisipaliteit versoek is om 'n paar wysigings aan te bring en derhalwe is die GABP dus nie op Provinsiale vlak goedgekeur nie. In 2015/16 en daarna in 2016/17 is gemerk dat die 2e generasie GABP nie aan al die vereistes van die NOB:WW voldoen het nie en dus nie deur die LUR goedgekeur is nie. Die Direktoraat: Afvalbestuur het terugvoering aan die Munisipaliteit gegee oor die beoordeling van die GABP.

**Opsomming van bevindings**

Die Matzikama Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en die Munisipaliteit het die ROR in die 2015/16 oorsig goedgekeur. Addisionele werk vir die LGBP is egter nog nodig en die bevindings rondom die KBP en die GABP is steeds nie aangespreek nie. Die Munisipaliteit is aangemoedig om die implementering van die aanbevelings in die ontwikkeling van die 4e generasie die GOP te prioritiseer. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem ingevolge die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van

die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die 2013/14-2016/17 die GOP om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 8: Aantal oorsigbevindings Matzikama Munisipaliteit**

# Cederberg Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses aangespreek is tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's:

- Die Cederberg 2012/13 GOP is nie goedgekeur binne die wettige tydsraamwerk nie alhoewel die bevindings in die 2013/14 boekjaar en die daaropvolgende hersiening jare aangespreek is.
- In die 2013/14 GOP oorsig is kennis geneem dat die ROR in Junie 2010 deur die Raad goedgekeur is en in die voorbereidingsfase deel van die Departement van die Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming-inisiatief is. Die 2014/15 oorsig dui aan dat die ROR teen die einde van Maart 2014 voltooi sou wees. Die Cederberg ROR is in Desember 2014 goedgekeur en is ingesluit in die 2015/16 konsep GOP waarin aangedui is dat die ROR al die genoemde aanbevelings van die BOOP verslag aangespreek het.


**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die bevindings van die evaluering van die 5-jaar GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- Daar is aanbeveel dat die Munisipaliteit die ontwikkeling van 'n LGBP prioritiseer en 'n munisipale amptenaar aanwys as 'n Luggehaltebeampte. Die 2014/15 aanslag dui aan dat die Munisipaliteit sy konsep LGBP goedkeur en aanheg as deel van die GOP. In 2015/16 is aangedui dat die Munisipaliteit 'n konsep LGBP het wat deur die Raad goedgekeur moet word. Die Cederberg Munisipaliteit bly sonder 'n goedgekeurde LGBP maar het 'n Luggehaltebeampte aangewys, soos aangedui in die 2016/17 evaluering.

**Bevindings nie aangespreek nie**
Die Munisipaliteit het geen vordering gemaak om te sorg dat die volgende aanslagbevinding aangespreek is nie:

- Die GOP versuim voorts om die nodige skakeling te bewerkstellig tussen die strategiese doelwitte van die Raad, sleutelplanne van verwante sektore (in besonder die PED) en die ontwikkelingsbehoeftes soos geïdentifiseer deur gemeenskappe. Hiermee saam het die verwagte verduideliking, aangedui in die voorwoord van die Munisipale Bestuurder se oorsig, oor hoe hul GOP 'n visie het vir PED en die Munisipaliteit se reaksie op geleenthede beskikbaar, nooit gerealiseer nie. Die 2013/14 oorsig het aangedui dat alhoewel die Munisipaliteit 'n PED-strategie het, die GOP aandui dat dit nie deur die Raad goedgekeur is nie. Die Munisipaliteit is tans besig om saam met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) te werk om die PED-strategie te hersien en sal aan die Deelnemende Evaluering van Kompeterende Voordeel proses (DEKV) deelneem. In 2014/15 is weereens aangedui dat die hersiene April 2010 PED-strategie nie deur die Raad goedgekeur is nie. In November 2013 het die DEOT die Munisipaliteit ondersteun in die DEKV proses waar 'n PED-strategie ontwikkel is. Verder is in die 2015/16 oorsig aangedui dat die konsep, soos hersien in die 2015/16 GOP, ook aandui dat die PED-strategie nie goedgekeur is nie en dat die Munisipaliteit besig is om saam met die DEOT, die strategie met behulp van die DEKV proses, te hersien. In die 2016/17 GOP oorsig is die Munisipaliteit versoek om duidelikheid te gee oor die status van die Munisipale PED strategie en om toe te sien dat die bevinding in die 4e generasie GOP aangespreek word.

**Opsomming van bevindings**
Die Cederberg Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die Cederberg 2013/14- 2016/17 GOP binne die wetlike tydsraamwerke goedgekeur en sluit die goedgekeurde ROR in by die dokumente maar is steeds sonder 'n goedgekeurde LGBP. 'n PED-strategie moet ook ontwikkel word. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem om die kerndetail van die GOP in te sluit en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 9: Aantal oorsigbevindings Cederberg**

# Bergrivier Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevinding soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses aangespreek is tydens die hersieningperiode van die 3e generasie era van die GOP's:

- Die hersiening van die Munisipaliteit se ROR as deel van die uitrol-inisiatief deur die Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming ROR het bygedra tot die wysiging van die voorheen-goedgekeurde ROR; die gewysigde ROR is ingesluit in die GOP en deur die Raad goedgekeur. 'n Saamgestelde kaart van die ROR is ingesluit in die GOP wat klem lê op geprioritiseerde projekte (insluitend behuisingsprojekte) en die skakeling tussen die GOP en die ROR is duidelik aangedui. Die Munisipaliteit se gewysigde ROR is op 26 Februarie 2013 goedgekeur en 'n spesiale afdeling van die ROR is in die konsep 2013/14 GOP ingesluit.


**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die evaluerings van die 5-jaar GOP in die 2012/13 boekjaar:

- Die skakeling tussen die plaaslike Geïntegreerde Vervoerplan (GVP) van die Munisipaliteit en die Distrik Munisipaliteit se GVP moet ondersoek en in die GOP vervat word. In 2013/14 is aangetoon dat geen vordering gemaak is nie, maar die Munisipaliteit het aangedui dat die plan ontwikkel sal word met dien verstande dat fondse beskikbaar sou wees. Die 2014/15 oorsig het aangedui dat, volgens die Department van Vervoer en Openbare Werke (DVOW), 'n GVP deur die Departement vir die Munisipaliteit ontwikkel is. Die Munisipaliteit is versoek om direk met die Departement te skakel vir inligting hieroor. Die uitstaande bevinding oor die GVP van die Munisipaliteit is gedeeltelik aangespreek met 'n aanduiding dat die ontwikkeling van die GVP van die Munisipaliteit aandag kry. Verder word in die 2015/16 hersiene GOP 'n aanduiding gegee van die implementering van die GVP projek en die begrotingsprogram wat kosteberamings insluit en bronne vir befondsing aandui.

**Opsomming van bevindings**

Die Bergrivier Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het sy ROR in die 2013/14 GOP goedgekeur en moet sorg dat daar ooreenstemming is tussen die plaaslike en die distrik GVP. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem om die kerndetail van die GOP in te sluit en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne, sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 10: Aantal oorsigbevindings Bergrivier Munisipaliteit**

## Swartland Munisipaliteit

Daar is geen gebiede van verbetering vir die Munisipaliteit aangedui in die 2013/14 Plaaslike Regering Mediumtermyn Begrotingskomitee (PRMTBK) nie. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS om die kerndetail van die GOP in te sluit en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.

# Saldanhabaai Munisipaliteit


**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit toon die volgende vordering aan ten opsigte van die hantering van die oorsigbevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die 2012/13 boekjaar:

- Die 2013/14 evalueringsverslag het aangedui dat die PED strategie nie hersien is nie en die skakeling met die Industriële Ontwikkelingsone (IOS) baie swak was. Daar was geen beplande optredes aangedui in die 2014/15 konsep GOP rondom skakeling tussen die IOS en die PED-strategie nie. Die 2015/16 GOP oorsig toon aan dat die vereistes vir die aanstelling van 'n diensverskaffer om die Munisipaliteit se PED-strategie te hersien, geadverteer is en die tydraamwerk vir die hersiening van die PED strategie Junie 2015 is. Dit word dus aanbeveel dat die hersiene PED strategie in die 2016/17 GOP oorsig van die Munisipaliteit ingesluit word. Die 2016/17 evalueringsverslag het aangedui dat die proses van die PED strategie oorsig nog nie voltooi is nie aangesien daar op befondsing van die Nasionale Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake gewag word.

**Opsomming van bevindings**

Die Saldanhabaai Munisipaliteit se GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit moet 'n PED strategie ontwikkel en goedkeur. Verder moet die Munisipaliteit die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem om die kerndetail van die GOP in te sluit en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 11: Aantal oorsigbevindings Saldanhabaai Munisipaliteit**

# Eden Distrik Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses aangespreek is tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's:

- Die bevinding dat die Munisipaliteit sy plaaslike moniteringsrol moet verstewig deur maatreëls in te stel om die gehalte van water in die rivierstelsels in die Eden Distrik te herstel en beskerm is in die 2013/14 GOP oorsig aangespreek.


**Bevindings nie aangespreek nie**

Die Munisipaliteit het geen vordering gemaak om toe te sien dat die volgende bevindings aangespreek is nie:

- Die ROR van 2010 moet aangepas word ten einde die verandering in 'n ekonomiese konteks weer te gee in vergelyking met wanneer dit oorspronklik opgestel is en net so moet dit ooreenstem met die meer onlangse plaaslike munisipale ROR's in die streek. Die Munisipaliteit het in die 2013/14 oorsig aangedui dat die ROR hersien sal word maar daar is egter steeds geen duidelikheid oor hoe om dit in ooreenstemming te bring met dié van die plaaslike Munisipaliteite nie. In 2014/15 is opgemerk dat die Distrik ROR deur die Raad goedgekeur is en grootliks aan die WMS regulasievereistes voldoen. Dit is ook in ooreenstemming met die huidige PROR. Die Distrik ROR is verouderd (dit is in 2009 voorberei en in 2010 goedgekeur) en volgens die GOP, was dit in die proses om hersien te word. In die 2015/16 oorsig van hul GOP word gelyk gegee dat die huidige Eden ROR verouderd is en is gemeld dat dit die bedoeling is dat die Eden ROR saam met die Department van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOGH) bygewerk word. Ten spyte hiervan egter word die huidige ROR geensins in die GOP aangedui nie. Die 2016/17 oorsig beveel aan dat die Eden ROR hersien en die uitkomste van die ROR oorsig geïntegreer en as sulks in die GOP van die Munisipaliteit aangedui word.

**Opsomming van bevindings**

Die Eden Distrik Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het maatreëls ingestel om die gehalte van water in die Eden Distrik se rivierstelsels te verbeter en beveilig. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem om die kerndetail van die GOP in te sluit en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR: Aantal oorsigbevindings Eden Distrik Munisipaliteit**

# Kannaland Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie GOP's aangespreek is:

- In die 2013/14 oorsig, is aangedui dat die Munisipaliteit baie vordering gemaak het om hul ROR te ontwikkel. 'n Konsultant is in oorleg met die DOSOB aangestel en die Munisipaliteit se ROR is op 13 Desember 2013 deur die Raad goedgekeur. Die ROR word duidelik weerspieël in die GOP soos vereis volgens Artikel 26 van die WMS 32 van 2000. Die ROR is 'n belangrike komponent van die GOP aangesien dit aandui waar, te midde van ander ingrypings, ruimtelike belegging strategies gedoen sal word.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- Die LGBP is vir Kannaland ontwikkel, maar is nie ingesluit in die 2014/15 hersiene GOP nie. Die 2015/16 verslag dui aan dat die Munisipaliteit sal moet werk aan die finalisering van die LGBP en dit word ook aanbeveel dat 'n Luggehaltebeampte vir die Munisipaliteit aangestel word. Die 2016/17 evaluering dui aan dat die Raad die LGBP vir Kannaland Munisipaliteit goedgekeur het en dat dit in die proses is om geïmplementeer te word. 'n Luggehaltebeampte is ook aangestel.
- Stormwaterbeplanning is glad nie in die GOP behandel nie en die Munisipaliteit is aangeraai om 'n afdeling by die GOP in te sluit vir die hantering van hierdie uitdaging in die gebied. Die bevinding word dus nie aangespreek in die daaropvolgende 2013/14 GOP oorsig nie. In die 2016/17 evaluering is egter gemeld dat die Munisipaliteit op versoek wel ondersteuning vir die opstel van 'n Meesterplan vir Paaie en Stormwaterinstandhouding van die Munisipale Infrastruktuur-ondersteuningagent ontvang het. Die 2016/17 GOP dui aan dat alhoewel die Munisipaliteit daartoe verbind is om die stormwaterinfrastruktuur in stand te hou, dit nodig is om befondsing te bekom vir bykomende toerusting vir die reiniging van die stormwater-dreineringstelsel.


**Bevindings nie aangespreek nie**

Die Munisipaliteit het geen vordering gemaak om toe te sien dat die volgende bevindings in die aanslag aangespreek is nie:

- Die GOP moet die waterbeskermingskwessies binne die raamwerk van die Grootmaatwatervoorsiening-infrastruktuurplan aanspreek om te illustreer hoe die Munisipaliteit huidige waterverliese sal voorkom. Die 2013/14 oorsig, sowel as daaropvolgende oorsigte, dui aan dat die Munisipaliteit nie 'n Gekonsolideerde Munisipale Infrastruktuurplan het nie maar in die 2016/17 verslag word aangedui dat die Munisipaliteit in die proses is om gedurende die 2016/17 finansiële jaar met 'n konsep Meesterplan vir Elektrisiteitsinstandhouding en 'n geïntegreerde Munisipale Infrastruktuurplan te begin. 'n Geïntegreerde Munisipale Infrastruktuurplan sal help om aan die Munisipaliteit leiding te gee oor metodes hoe om die agterstande in sy infrastruktuur aan te spreek.

**Opsomming van bevindings**

Die Kannaland Munisipaliteit is in ooreenstemming met die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die ROR word voldoende weerspieël in die 2013/14 GOP. Addisionele werk moet nog gedoen word rondom die LKPB en stormwaterbeplanning en die Munisipaliteit moet steeds die opstel van die Elektrisiteitsmeesterplan asook die Infrastruktuurplan prioritiseer. De Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS in ag neem om die kerndetail van die GOP in te sluit en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 13: Aantal oorsigbevindings Kannaland Munisipaliteit**

# Hessequa Munisipaliteit


**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie GOP's aangespreek is:

- Die 2014/15 GOP oorsig het aangedui dat die ROR sorg dat die implikasies van die 5-jaar GOP ruimtelik weergegee word en dat die beplanning kragtens toekomstige ontwikkelings op die terrein van Menslike Nedersettings en Behuising waar nood heers, aangedui word. Die ROR is op 30 April 2013 deur die Munisipale Raad goedgekeur. Die MROR is in ooreenstemming met die PROR en die ROR voldoen aan die WMS Regulasievereistes.
- Daar is aanbeveel dat tydens die 2013/2014 GOP oorsig, bykomende werk tot die finalisering van die LGBP onderneem moet word en dat 'n Luggehaltebeampte in die Munisipaliteit aangestel word. Die LGBP sal gedurende die 2013/14 finansiële jaar gefinaliseer word. Die LGBP is ingedien as deel van die 2013/14 GOP oorsig en voldoen aan die inhoudvereistes soos uiteengesit in NOB:LGW. Dit is tydens 2013 deur die DOSOB geëvalueer en die LGBP is in Februarie 2014 deur die Raad goedgekeur soos vermeld in die 2014/15 evalueringsverslag.

**Opsomming van bevindings**

Die Hessequa Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit is gelukgewens dat beide bevindings rondom die goedkeuring van die ROR en die LGBP aangespreek is. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 14: Aantal oorsigbevindings Hessequa Munisipaliteit**

# Mosselbaai Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie GOP's aangespreek is:

- Die Munisipaliteit se goedgekeurde ROR weerspieël die ruimtelike implikasies soos goedgekeur in die 5-jaar GOP ten volle. Dit het ook die vorige ROR bygewerk as deel van die BOOP in die 2013/14 GOP oorsig.
- Die Munisipaliteit het bykomende werk gedoen om die Luggehaltebestuursplan te finaliseer en 'n Luggehaltebeampte is in die 2013/14 oorsigtydperk aangestel.
- Menslike Nedersettings en Behuising is een van die belangrikste uitdagings van Mosselbaai. Die Munisipaliteit het 'n weldeurdagte strategiese argument ingedien vir die Menslike Nedersettingsplan (MNP) wat die inhoud van die plan in die 2013/14 GOP oorsig aanvul.
- Die 2013/14 GOP oorsig dui aan dat die KBP gefinaliseer is en aan die betrokke provinsiale owerhede vir proklamasie voorgelê sal word. 'n Finale rondte van openbare konsultasies sal gehou word nadat die KBP in die Staatskoerant verskyn het. Kennis is geneem dat alhoewel die KBP vir Mosselbaai goedgekeur was, was die uitkomste van die program nie in die 2014/15 GOP oorsig ingesluit nie. Die Distrik KBP is in konsep formaat in die 2015/16 oorsig vervat asook daarna in die 2016/17 GOP oorsig. Daar is wel opgemerk dat die Distrik KBP deur sy Raad goedgekeur is en as die Munisipale KBP vir Mosselbaai Munisipaliteit dien. Daar is aangedui dat die Distrik KBP hersien moet word deur die DOSOB om ooreenstemming te verseker met die Nasionale en Provinsiale KMP's.


**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die bevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- Volhoubaarheid moet as 'n kostebesnydingsdoelwit in die GOP aangespreek word en spesifieke teikens, strategieë en projekte moet hiervoor vir alle sektorplanne voorsien word. Aangesien Mosselbaai 'n steeds groeiende Munisipaliteit is met uitbreidings en energievoorsiening tans 'n landswye prioriteit, moet die GOP vir Mosselbaai ook spesifiek aangevul word kragtens alternatiewe en hernubare energie. In die 2013/14 hersieningsproses was die Munisipaliteit besig om die ontwikkeling van 'n Hernubare Energieplan (HEP) vir alternatiewe energiebronne te optimaliseer. Sedert die 2013/14 GOP oorsig, is die Munisipaliteit besig met die ontwikkeling van 'n HEP vir die optimalisering vir gebruik van alternatiewe energiebronne. Die GOP 2014/15 oorsigte en die daaropvolgendes dui aan dat die ontwikkeling van die HEP nog aan die gang is.

**Opsomming van bevindings**

Die Mosselbaai Munisipaliteit is steeds in ooreenstemming met die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die ROR bygewerk om die BOOP in te sluit, 'n LGBP is ontwikkel en 'n aangewese Luggehaltebeampte is aangestel. 'n KBP is ontwikkel asook aspekte rondom menslike nedersettings. Die Munisipaliteit is aangemoedig om die ontwikkeling van die HEP te finaliseer. Voorts moet die Munisipaliteit kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 15: Aantal oorsigbevindings Mosselbaai Munisipaliteit**

# George Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3de generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Daar is ook aanbeveel dat die Munisipaliteit bykomende werk onderneem kragtens die finalisering van die LGBP en dat 'n Luggehaltebeampte gedurende die 2013/14 GOP oorsigtydperk aangestel moet word. Die 2015/16 verslae toon aan dat George Munisipaliteit wel 'n LGBP het. 'n Luggehaltebeampte is aangestel en as deel van die LGBP vereistes, is 'n munisipale regulasie oor luggehalte goedgekeur. Die LGBP is vervat in die Munisipaliteit se GOP en voldoen aan die inhoudsvereistes soos vervat in Artikel 16 van die NOB:LKW.


**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit toon die volgende vordering aan ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- 'n Aanbeveling is gemaak dat George Munisipaliteit sy konsep ROR goedkeur. Die Munisipaliteit het in sy konsep 2013/14 GOP aangedui dat die finale konsep ROR aan die Beplanningskomitee in April 2013 vir oorweging ingedien sou word. Die eerste ROR vir George is op 29 Mei 2013 deur die Munisipale Raad goedgekeur, maar is ongelukkig nie as deel van die 2014/15 GOP ingedien nie. Die 2016/17 evaluering verleen erkenning aan die feit dat die Munisipaliteit se ROR die implementering van die Ruimtelike Beplanningsgrondgebruik Wet (RBGW) en Grondgebruikbeplanning Wet (GBW) voorafgegaan het: as sulks voldoen dit nie aan hierdie proses en vereistes van die inhoud nie. Sekere dele van die ROR voldoen aan die proses en inhoudsvereistes van die WMS en sy regulasies, terwyl ander nie.

**Opsomming van bevindings**

Die George Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die bevinding rondom die LGBP aangespreek en is aangemoedig om die bestaande ROR by te werk. Voorts moet die Munisipaliteit kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 16: Aantal oorsigbevindings George Munisipaliteit**

# Bitou Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die ROR is in 2005 deur die Raad goedgekeur en bygewerk as deel van die BOOP in die 2012/13 boekjaar. Die DOSOP het die Munisipaliteit bygestaan om toe te sien dat die ROR die vraagstukke van doeltreffende hulpbrongebruik en klimaatsverandering aanspreek. Alhoewel die finale ROR konsep in September 2012 voltooi is, het die bykomende tydperk vir openbare deelname gedurende Januarie 2013 gesluit. Die bygewerkte goedgekeurde ROR is in die 2014/15 GOP oorsig ingesluit. Die MROR is goedgekeur in Mei 2013, maar in die 2014/15 GOP oorsig word verkeerdelik aangedui dat dit nog nie goedgekeur is nie.
- Die Munisipaliteit het 'n LGBP goedgekeur wat voldoen aan die vereistes van Artikel 16 van die NOB: LKW en is vervat in die 2015/16 die GOP oorsig. 'n Aangewese Luggehaltebeampte is aangestel en as deel van die vereistes van die LGBP is 'n munisipale wetgewing vir luggehalte ontwikkel.
- Die Distrik KBP is deur die Raad goedgekeur en dien as die Munisipale KBP vir Bitou Munisipaliteit. Die Munisipaliteit het in samewerking met Eden DM toegesien dat hul doelwitte bereik is. Die Distrik KBP sal deur die DOSOB geëvalueer moet word om toe te sien dat daar ooreenstemming is tussen die NKBP en die PKBP soos weerspieël in die 2015/16 oorsig.

**Opsomming van bevindings**
Die Bitou Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die ROR, die KBP en die LGBP goedgekeur en is gelukgewens vir die vordering wat gemaak is om bevindings soos uiteengesit in die 2012/13 GOP oorsig, aan te spreek. Voorts moet die Munisipaliteit kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 17: Aantal oorsigbevindings Bitou Munisipaliteit**

# Knysna Munisipaliteit


**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Munisipaliteit het hul vermoeëns ten opsigte van die PED vereistes in die 2013/14 GOP oorsig aangespreek.

**Opsomming van bevindings**

Die Knysna Munisipaliteit voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS om die kerndetail van die GOP na te kom en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne sowel as enige verdere aanbevelings vervat in die GOP oorsigte (2013/14-2016/17) om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 18: Aantal oorsigbevindings Knysna Munisipaliteit**

# Oudtshoorn Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Munisipaliteit het in die 2013/14 GOP oorsig aangedui dat hulle besig is om 'n LGBP te ontwikkel en dat Luggehaltebestuur in hoofsaak goed onder beheer is. Die Munisipaliteit voldoen aan die wetlike vereistes van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur:Wet op Luggehalte (NOB:LGW) wat deur die Raad op 31 Mei 2013 goedgekeur is en deur die DOSOP goedgekeur is.
- Die Munisipaliteit is versoek om 'n strategiese argument vir Menslike Nedersettings in die 2013/14 oorsig in te sluit en om toe te sien dat die sektorplan in die GOP vervat is. In die 2014/15 oorsig word aanbeveel dat die Munisipaliteit moet aandui dat daar geen reëlings vir 'n goedgekeurde MNP getref is nie. Die 2015/16 GOP oorsig het genoeg strategiese leiding gegee met betrekking tot menslike nedersettingsbeplanning in Hoofstuk 4 van die 2015/16 GOP oorsig en het die behoefte geïdentifiseer dat skakeling tussen die ekonomiese en vervoeraangeleenthede vir veral die armer gemeenskappe in ag geneem moet word.


**Bevindings gedeeltelik deur die Munisipaliteit aangespreek**
Die Munisipaliteit toon die volgende vordering aan ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- Die Munisipaliteit moet toesien dat hul GOP 'n afdeling bevat oor die ROR soos vereis in Artikel 26 van die WMS 32 van 2000. Die 2014/15 hersiene GOP dui aan dat die Munisipaliteit nie 'n goedgekeurde ROR het nie en dat geen vordering in hierdie verband in die 2015/16 GOP oorsig aangedui word nie. Die Oudtshoorn 2016/17 GOP oorsig dui aan dat die Munisipaliteit se ROR tans hersien word en dat die konsep Groter Oudtshoorn ROR, saamgestel kragtens die WMS in 2013/14, in die interim dien as inset tot die GOP.

**Bevindings nie aangespreek nie**
Die Munisipaliteit het geen vordering aangetoon om toe te sien dat die volgende bevindings in die oorsig aangespreek is nie:

- Die Munisipaliteit is versoek om 'n RBP te ontwikkel. Die 2013/14 evaluering het aangedui dat die Munisipaliteit moet toesien dat die sektorplan vervat word in die GOP. In die afdeling oor Rampbestuur is aangedui wat verwag word van 'n Munisipaliteit kragtens wetgewing. Daar is egter geen aanduiding in die GOP of die Munisipaliteit 'n RBP het of strategieë ingestel het soos in die 2014/15 oorsig genoem is nie. Daar is geen vordering in die konsep 2015/16 die GOP oorsig met betrekking tot die RBP aangedui nie. Die 2016/17 GOP oorsig het nie 'n Rampbestuurafdeling nie

**Opsomming van bevindings**
Die Oudtshoorn Munisipaliteit GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit ontwikkel die LGBP en het toegesien dat die GOP voldoende strategiese leiding gee rondom Menslike Nedersettingsbeplanning. Die Munisipaliteit is aangemoedig om die ontwikkeling van die Oudtshoorn ROR te finaliseer en om 'n Rampbestuurafdeling in die GOP in te sluit asook om die huidige situasie van die RBP te weerspieël. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP in ag neem en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 19: Aantal oorsigbevindings Oudtshoorn Munisipaliteit**

# Kaapse Wynland Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar GOP in die 2012/13 boekjaar:

- Geen vordering is aangetoon in die 2013/14 konsep GOP met betrekking tot enige werk gedoen vir die KGBP nie. Die 2016/17 oorsig dui aan dat die KGBP vir die Munisipaliteit deur die Raad goedgekeur is en dat dit in die proses is om geïmplementeer te word. 'n Luggehaltebestuurbeampte is aangestel, en as deel van die implementering van die LGBP word 'n munisipale regulasies vir Luggehaltebestuur ontwikkel. Die Munisipaliteit voldoen dus gedeeltelik aan die vereiste.

**Opsomming van bevindings**
Die Kaapse Wynland GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en moet die ontwikkeling van die LGBP prioritiseer. Die Munisipaliteit moet verder die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP in ag neem en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 20: Aantal oorsigbevindings Kaapse Wynland Distrik Munisipaliteit**

# Witzenberg Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit.**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos genoem in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Witzenberg ROR is op 13 Desember 2012 deur die Raad goedgekeur wat die ruimtelike ontwikkeling van die Munisipaliteit voldoende aandui asook die beplande verbandhoudende uitgawes in die GOP soos aangedui in die 2013/14 GOP oorsig.

**Opsomming van bevindings**
Die Witzenberg die GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en die Munisipaliteit is geprys dat al die bevindings vir die 5-jaar die GOP aangespreek is. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie die GOP toe te lig.





**FIGUUR 21: Oorsigbevindings aangespreek**

# Drakenstein Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos genoem in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die wysigings aan die ROR is deur die Raad goedgekeur en bykomende werk is vir die GABP in die 2013/14 GOP oorsig aangedui.
- Die Munisipaliteit verskaf voldoende inligting oor hoe om streke meer mededingend te maak soos aangedui in die 2013/14 GOP oorsig te maak.
- Die GOP gee 'n getroue weergawe van hoe om 'n metode om koste op 'n volhoubare wyse te besny in die GOP aangespreek sal word en dui ook alle sektorplanne met spesifieke teikens, strategieë en projekte in die 2013/14 GOP oorsig aan.

**Opsomming van bevindings**
Die Drakenstein die GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die ROR gewysig en verskaf omvattende inligting oor hoe om streke meer mededingend te maak en hoe om die sektorplan in ooreenstemming met die prestasiebestuurstelsel te bring. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie die GOP toe te lig.




**FIGUUR 22: Aantal oorsigbevindings aangespreek Drakenstein Munisipaliteit**

# Langeberg Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**

Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:


- Die 2013/14 oorsig het aangedui dat die GABP nie voldoen aan die vereistes nie, maar dat die DOSOP met die Munisipaliteit sal vergader om die betrokke probleme op te los. In die 2014/15 verslag is aangedui dat die GABP deur die DOSOP geëvalueer is en die evalueringsverslag is aan die Munisipaliteit voorgelê met aanbevelings vir wysiging aan die plan wat dan weer vir goedkeuring voorgelê moet word. Daarna sal die hersiene plan aan die DOSOB voorgelê moet word.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit** Die Munisipaliteit toon die volgende vordering aan ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar die GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- Die 2013/14 evaluering het aangedui dat die Langeberg Munisipaliteit moet toesien dat die goedgekeurde GOP inligting moet insluit oor die LGBP. Die 2014/15 oorsig het aangedui dat die Munisipaliteit nie 'n LGBP ontwikkel het nie. Die DOSOP sal egter die Munisipaliteit help om toe te sien dat daar aan die vereistes soos uiteengesit in die NOB:LKW voldoen sal word. In 2015/16 is aangedui dat daar geen LGBP vir die Langeberg Munisipaliteit ontwikkel is nie en dat hulle ook nie 'n munisipale regulasie vir lugbesoedeling het nie. Die 2016/17 evaluering toon aan dat Langeberg Munisipaliteit nie 'n LGBP het nie. 'n Luggehaltebeheerbeampte is aangestel, en as deel van die LGBP vereistes, sal 'n munisipale regulasie vir lugbesoedeling nog ontwikkel word.
- In die 2013/14 GOP oorsig het die Munisipaliteit aangedui dat die dokument by Provinsie was vir finalisering. Na aanleiding van die *status quo* verslag wat in September 2013 goedgekeur is, en soos uiteengesit in die 2014/15 oorsig, is die Konseptuele Ontwikkelingsraamwerk in Januarie 2014 aan die Raad voorgelê. Die hersiene ROR moet nog goedgekeur word deur die Raad en daar is geen tydraamwerk hiervoor aangedui nie. Kaarte is in die 2015/16 GOP oorsig ingesluit om die ruimtelike verspreiding van die voorgestelde ROR projekte in te sluit. Die 2016/17 verslag het aangedui dat die Langeberg Munisipale ROR kragtens die WMS goedgekeur en in Desember 2015 kragtens die RBGW goedgekeur is. Dit is egter nog nie in die Staatskoerant gepubliseer nie.

**Opsomming van bevindings**

Die Langeberg Munisipaliteit GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die GABP goedgekeur en 'n aangewese Luggehaltebeheerbeampte aangestel. 'n LGBP moet egter ontwikkel en 'n ROR moet geproklameer word. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 23: Aantal oorsigbevindings Langeberg Munisipaliteit**

# Breedevallei Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Munisipaliteit keur die ROR as deel van die BOOP goed in die 2013/14 GOP oorsig.
- Die 2012/13, 2013/14 en 2014/15 oorsigte dui aan dat die Munisipaliteit nie 'n LGBP het nie ook nie die nodige fondse om een op te stel en te implementer nie. Die Munisipaliteit beskik ook nie oor voldoende personeel en hulpbronne om die Luggehaltebestuursplan uit te voer nie. Die 2015/16-oorsig dui aan dat die Raad nie 'n LGBP vir die Breedevallei Munisipaliteit goedgekeur het maar die Munisipaliteit is egter in die proses om 'n LGBP te ontwikkel.

**Opsomming van bevindings**
Die Breedevallei Munisipaliteit GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en is geprys vir die aanspreek van beide bevindings aangaande die ROR en die LGBP. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 24: Aantal oorsigbevindings Breedevallei Munisipaliteit**

# Stellenbosch Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het aangedui dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses gedurende die oorsigtydperke van die 3de generasie era van GOP's aangespreek is:

- Die 2013/14 GOP oorsig het aangedui dat die Munisipaliteit die LGBP in die GOP moet inkorporeer, asook moet aandui watter planne gemaak is om 'n Luggehaltebeheerbeampte aan te stel. Die 2014/15 verslag het aangedui dat die LGBP deel is van die 2013/14 sleutelprestasie-aanwysers. Die konsep GOP het egter nie aangedui of 'n Luggehaltebeampte aangewys is nie. In 2015/16 is aangedui dat die Munisipaliteit van Stellenbosch 'n konsep LGBP gehad het wat deur hul Raad goedgekeur moes word. Die Munisipaliteit het nie 'n Luggehaltebeampte aangewys as deel van die LGBP vereiste nie en het nie 'n luggehalte munisipale regulasie ontwikkel nie. Die verslag van 2016/17 weerspieël dat die Munisipaliteit 'n goedgekeurde LGBP het en 'n Luggehaltebeampte aangewys het as deel van die vereistes van die LGBP.
- Die Munisipaliteit het die statistiese data hersien om meer opgedateerde inligting in die hoofstuk, Situasionele Analise, van die 2013/14 hersiene GOP in te sluit.
- Die Munisipaliteit het die bevinding van volhoubaarheid (soos wat in die GOP aangespreek moet word)as 'n doelwit om koste te besny, aangespreek. Al die sektorplanne met spesifieke teikens, strategieë en projekte om voorsiening te maak vir verbeterde volhoubaarheid (byvoorbeeld bestuur, volhoubare energiebeplanning, aanpassing van klimaatsverandering, bewaring van biodiversiteit, ekologiese integriteit, ensovoorts) is ook in die hersiene ROR wat in Februarie 2013 aangeneem is.
- Die Munisipaliteit het skakeling tussen die verskillende sektorplanne aangespreek en verdere skakeling (soos aangedui in die 2013/14 GOP oorsig) tussen die sektorplanne, strategiese doelwitte, aksies, vereistes vir hulpbronne en begrotings en die prestasiebestuurstelsel van die Munisipaliteit begin.
- Die Munisipaliteit het met die bystand deur die BOOP wysigings aan die ROR aangebring en dié is deur die Raad in die 2013/14 die GOP oorsig goedgekeur.

**Bevindings gedeeltelik aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het die volgende vordering aangetoon ten opsigte van die hantering van die evalueringsbevindings van die 5-jaar GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13:

- Die Munisipaliteit het 'n omgewingsbestuurder aangestel. Daar is geen formele planne of programme om die bewaring van biodiversiteit in die munisipale gebied, soos uiteengesit in die ROR, te bevorder nie.
- Die 2014/15 evalueringsverslag dui aan dat die GOP nie al die aanwysers vir Geïntegreerde Afvalbestuur as aangespreek aangedui het nie en die Munisipaliteit het geen melding in die GOP gemaak dat die hersiene GABP goedgekeur is nie. Dit het wel aangedui dat die kommentaar wat in Februarie 2013 ontvang is, voltooi is. In 2015/16 is gemeld dat daar nie genoegsame aanduiding in die GOP was dat alle aanwysers vir die GABP aangespreek is nie en dat die Munisipaliteit geen aanduiding in die GOP gee dat die hersiene GABP goedgekeur is nie. Dit dui wel aan dat die kommentaar in Februarie 2013 voltooi is. Die 2016/17 GOP konsep, die derde oorsig van die 4e generasie GOP (2012-2017), dui aan dat die Munisipaliteit op die oomblik sy 3e generasie GABP ontwikkel wat vir voltooiing in 2017 beplan is. Die GOP gee kortliks 'n uiteensetting van die GABP en lys prioriteite wat geïdentifiseer is. Daar moet egter kennis geneem word dat die Munisipaliteit nie sy 2e generasie GABP jaarverslag, waarin die implementering van jaarlikse projekte aangedui word, ingedien het nie. Artikel 13 (3) van die Wet op Afval vereis dat Munisipaliteite verslag doen oor die implementering van hulle GABP's.


**Bevindings nie aangespreek nie**
Die Munisipaliteit het geen vordering gemaak om toe te sien dat die volgende oorsigbevindings aangespreek is nie:

- Die ontwikkeling en goedkeuring van die PED-strategie was 'n sleutelprestasie-aanwyser vir 2013/14 en was bestem vir voltooiing in Junie 2013. Die 2014/15 GOP het aangedui dat 'n konsep PED-strategie in 2012 voltooi is en dat dit tans hersien word. Die 2015/16 verslag toon aan dat die

Munisipaliteit se LED-strategie tans hersien word en 'n Deelnemende Evaluering van Kompeterende Voordeel projek (DEKV) onlangs van stapel gestuur is om deelname van belanghebbendes te mobiliseer en om hul insig en vermoëns as insette tot die strategie te gebruik.

**Opsomming van bevindings**

Die Stellenbosch Munisipaliteit se GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die kwessies rondom die LGBP aangespreek en die situasie-analise bygewerk soos aanbeveel. Dit sluit ook in die skakeling tussen sektorplanne, die volhoubaarheid daarvan en die goedkeuring van die gewysigde GOP. Die Munisipaliteit moet verder kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 25: Aantal oorsigbevindings Stellenbosch Munisipaliteit**

# Sentrale Karoo Munisipaliteit


**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die Distrik het in die 2013/14 GOP oorsig gereageer deur die insluiting van 'n omvattende voorstelling met besonderhede van programme beplan deur 'n aantal departementele sektore gedurende die MTEF-periode.
- Die Distrik Munisipaliteit het daarin geslaag om die nodige skakeling te doen deur toe te sien dat die Distriksplan soos gemeld in die 2014/15 GOP oorsig, toegelig is deur die strategieë van die drie plaaslike Munisipaliteite.
- Die 2013/14 evaluering dui aan dat daar in die GOP 'n duidelike aanduiding is dat aansienlike vordering gemaak is met die ontwikkeling van 'n LGBP. Die konsep die LGBP is tans vir openbare kommentaar beskikbaar. In die 2015/16 verslag word aangedui dat die LGBP vir die SKDM in konsepvorm is. Die konsep LGBP is nog nie aan die DOSOB vir oorweging voorgelê nie. Die DOSOP sal egter toesien dat dit voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in Artikel 16 van die NOB:LGBP. Die 2016/17 verslag dui aan dat die LGBP in die GOP vervat is en voldoen aan die vereistes gelys in Regulasie 16 van die NOB:LGBP.

**Bevindings gedeeltelik deur die Munisipaliteit aangespreek**
Die Munisipaliteit het die volgende vordering ten opsigte van die hantering van die oorsigbevindings van die 5-jaar die GOP ontwikkel in die boekjaar 2012/13 aangespreek:

- Die 2013/14 die GOP oorsig het duidelik aangetoon dat 'n AECOM konsultant aangestel is om die ROR te hersien en waarvan die voltooiingsdatum na verwagting November 2013 was. Die 2014/15 verslag dui aan dat die finale weergawe van die ROR in Oktober 2013 voltooi is maar dat die Munisipale Raad egter tot dusver nog nie die ROR goedgekeur het nie. Dit is dus nog nie ingedien as deel van die huidige GOP oorsig nie. Die Munisipale Raad moet die Oktober 2013 konsep ROR goedkeur, of maatreëls instel om daardie aspekte van die ROR wat goedkeuring deur die Raad weerhou, reg te stel. Die 2016/17 evaluering dui aan dat, alhoewel ooreenstemming tussen die ROR, die GOP en die begroting in die 2016/17 GOP oorsig erken word, die GOP geen aanduiding bied van die status van die ROR nie; dit wil sê, wanneer dit deur die Raad goedgekeur is en of enige wysigings sedertdien plaasgevind het nie.

**Opsomming van bevindings**
Die SKDM se GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS maar die Munisipaliteit moet addisionele werk ten opsigte van die ROR doen. Die Munisipaliteit moet verder kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 26: Aantal oorsigbevindings Sentraal Karoo Distrik Munisipaliteit**

# Laingsburg Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevinding soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Kennis is geneem dat daar geen verduideliking is vir 40% van Laingsburg se waterverbruik nie en wat derhalwe 'n groot uitdaging vir die Munisipaliteit is. Die 2013/14 oorsig dui aan dat die WDOP gedurende die 2012/13 finansiële jaar goedgekeur is en geïmplementeer word om die bewaring van water aan te spreek.

**Opsomming van bevindings**
Die Laingsburg Munisipaliteit GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en moet die WDOP ontwikkel en goedgekeur. Die Munisipaliteit moet verder kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 27: Aantal oorsigbevindings Laingsburg Munisipaliteit**

# Prince Albert Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie era van die GOP's toegepas is:

- Al drie hoofdorpe ervaar beduidende hoë persentasies waterverliese. Die evaluering van 2013/14 het aangedui dat tydraamwerke vir die implementering van die infrastruktuurbeleggingsprogram met betrekking tot die beheer van waterverliese asook 'n voorkomingstrategie heroorweeg is.
- Die GOP moet besin oor maatreëls om die bywoning by vergaderings te verbeter. Die munisipaliteit se kommunikasiestrategie soos weerspieël in die 2013/14 hersiene GOP, is op 12 Desember 2012 goedgekeur.
- Die Munisipaliteit is versoek om die hersiening van die ROR te prioritiseer. Die 2013/14-evaluering het aangedui dat die hersiening van die ROR proses aan die gang was en die beplande voltooiingsdatum hiervoor was 18 Oktober 2013. Die ROR is egter op 27 Januarie 2014 deur die Munisipale Raad goedgekeur. Die 2014/15-opdatering van die GOP sluit in 'n kort, maar omvattende opsomming van die ROR.

**Opsomming van bevindings**
Die Prince Albert Munisipaliteit GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het 'n beleggingsinfrastruktuurprogram ingestel, 'n kommunikasiestrategie goedgekeur en die ROR in 2014 goedgekeur. Die Munisipaliteit moet verder kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS rondom die kerndetail van die GOP en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4e generasie GOP toe te lig.





**FIGUUR 28: Aantal oorsigbevindings Prince Albert**

# Beaufort-Wes Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3e generasie van die GOP's aangespreek is:

- Die Munisipaliteit moet die ontwikkeling van 'n ROR aanspreek en dit word aanbeveel dat 'n Luggehaltebeampte in die Munisipaliteit aangewys word. Die 2013/14 verslag het aangedui dat die Munisipaliteit besig is om die ROR as deel van die BOOP program te hersien. Daarbenewens het die Munisipaliteit die bestuurder vir afvalbestuur as die Luggehaltebeampte aangestel.
- Alhoewel die situasie-analise in die GOP op die gebied van maatskaplike ontwikkeling 'n aantal areas waar ingryping nodig is, geïdentifiseer het, ontbreek ontwikkelingstrategieë op hierdie terrein. Die Munisipaliteit het sekere maatskaplike sake aangespreek, en klem gelê daarop dat gestremdes verdere aandag behoort te geniet.

**Opsomming van bevindings**
Die Beaufort-Wes Munisipaliteit se GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het hul ROR bygewerk en maatskaplike probleme in die GOP aangespreek. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS om die kerndetail van die GOP aan te spreek en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4de generasie GOP te lig.





**FIGUUR 29: Aantal bevindings Beaufort-Wes Munisipaliteit**

# Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit

**Bevindings aangespreek deur die Munisipaliteit**
Die Munisipaliteit het toegesien dat die volgende bevindings soos gelys in die 2012/13 evalueringsproses tydens die hersieningstydperke van die 3de generasie era van die GOP's aangespreek is:

- Die 2013/14 evalueringsverslag dui aan dat bewyse dat die LGBP van 2005 in die afsienbare toekoms bygewerk sal word, nie in die konsep GOP gevind kon word nie. Die fokus van die program, soos vervat in die konsep die GOP, was daadwerklike optredes soos vereis word deur die huidige LGBP (insluitend die verlaging van geraassteurnis), en die munisipale regulasie van Luggehalte. In 2014/15 is aangedui dat te oordeel aan die besluit van die Stad om, kragtens Artikel 32 (b) van die WMS, die 2012-2017 se 5-jaar GOP te wysig, dit onduidelik is of die Stad wel die hersiene en goedgekeurde LGBP van die GOP goedgekeur het. Die LGBP vir die Stad Kaapstad is deur die Raad goedgekeur en in werking gestel. 'n LGBP moet elke vyf jaar hersien word en die Stad Kaapstad was in die proses van hersiening van hul LGBP en munisipale regulasie. 'n Luggehaltebeheerbeampte is aangestel en die LGBP is vervat in die Stad se GOP wat voldoen aan die vereistes van Artikel 16 van die NOB:LKW.
- Alhoewel daar in die 2013/14 die GOP oorsig verwys is na die konsep Vaste Afval sektorplan is daar nie in die GOP aangedui dat 'n begroting vir geïntegreerde afvalbestuurfasiliteite in hierdie GOP oorsigsiklus 'n prioriteit is nie. Die konsep 2013/14 GABP is aan die DOSOB voorgelê waarna die finale plan in Augustus 2013 goedgekeur is. Die 2015/16 verslag toon aan dat die D:AB hieroor terugvoering gegee het aan die Munisipaliteit. Hul 2de generasie GABP voldoen aan die vereiste van die Wet op Afval; dus het die D:AB die plan onderskryf.
- Die die WDOP is goedgekeur en vervat in die 2014/15 hersiene GOP.

**Opsomming van bevindings**
Die Stad Kaapstad Munisipaliteit se GOP voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS. Die Munisipaliteit het die bevindings rondom die LGBP, die Vaste Afval Sektorplan, die GABP en die waterbeveiligingsvraagstuk aangespreek. Die Munisipaliteit moet kennis neem van die bepalings van Artikel 2 van die WMS om die kerndetail van die GOP aan te spreek en moet, sover moontlik, gebruik maak van die riglyne om die 4de generasie GOP toe te lig.




**FIGUUR 30: Aantal bevindings Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit**

# Die pad vorentoe

Die Munisipaliteit se Ondersteuningsplan wat voortspruit uit die uitslag van die 2016/17 PRMTUK proses is daarop gemik om behulpsaam te wees met die opstel van die 4de generasie GOP. Die ondersteuning is gefokus op die volgende:

- Voorsiening van deurlopende ondersteuning aan alle Munisipaliteite tydens die GOP Indaba (gesamentlike beplanning) om die gehalte van die GOP's te verbeter. Verdere ondersteuning sal voorsien word deur die Provinsiale, Streek en Plaaslike Bestuursforums van die GOP.
- 'n Gids wat as raamwerk sal dien sal aan alle munisipaliteite voorsien word om standaardisering van die GOP te verseker. Die riglyne sal inskakel by dié van die 5-jaar GOP wat aan munisipaliteite voorsien is en sal die oorsigte en wysigings insluit.
- Wetgewing, sektorplanne en ondersteuning aan die GOP om genoeg tyd toe te laat vir ontwikkelings om die nuwe 5-jaar die GOP toe te lig, sal vir goedkeuring in Mei/Junie 2017 voorgelê word.
- Distriksmunisipaliteite moet met sektore op distriksvlak skakel om te bepaal watter sake aangespreek moet word om aan die GOP te voldoen.
- Samewerking met StatsSA en die Provinsiale Tesourie om die Munisipaliteite te help om die verskillende soorte statistiese bronne te verstaan met die doel om die Ouditeur-generaal te betrek sodat bepaal kan word watter soorte data gebruik kan word vir geloofwaardige beplanning en verslagdoening.
- Evaluering van die GOP prosesplanne en tydsraamwerke om skakeling tussen Plaaslike en Distriksmunisipaliteite te bevorder.

Die Department van Plaaslike Bestuur het 'n evaluering van die finale GOP's gedoen om te bepaal in watter mate die aanbevelings, soos aangedui in die munisipale evalueringsverslae, aangespreek is. Die GOP's het voldoen aan die bepalings van Artikel 26 van die WMS en daarom is geen briewe deur die LUR hieroor uitgereik nie. Munisipaliteite is egter aangemoedig om die inhoud van hierdie verslag te gebruik by die opstel van die nuwe ampstermyn GOP.